# HOOFSTUK IV:

## DIE TYDPERK 1919-1937. PROVINSIALE BESTUUR II.

### 1. INLEIDING.

In verskeie opsigte het daar gedurende die tydperk wat in hierdie hoofstuk behandel word, sodanige ontwikkeling plaasgevind dat van 'n omwenteling gepraat kan word.

'n Saak van groot belang, wat etlike jare geneem het om tot volle ontwikkeling te geraak, was die kentering wat ingetree het t.o.v. die inspeksie van laerskole. Vanaf 1919 het die geroep om individuele inspeksie af te skaf, steeds harder opgegaan, en na 1920 het sommige ondernemende inspekteurs daartoe oorgegaan om gelyktydige oorplasing, waarby onderwysers 'n mate van seggenskap gehad het en waardeur hulle kon toon dat hulle die inspekteurs se vertroue waardig was, in hulle kringe in te voer. In 'n toenemende mate het ander inspekteurs, nadat hulle die voordele van die skema besef het, die voorbeeld gevolg, en die oorplasing in die laer standerds tot en met vyf het steeds meer en meer in die hande van die onderwysers oorgegaan, waar dit tuisgehoort het. Toe die periode ten einde geloop het, was die proefstadium reeds verby. Weliswaar was die stadium nog nie bereik waar die hoof heeltemal onafhanklik van die inspekteur kon oorplaas nie, soos die geval teenswoordig is, maar die ontwikkeling was duidelik in daardie rigting, en hierdie oorgangsperiode was 'n noodsaaklike trap in die ontwikkelingsproses.

Die laerskoolsertifikaateksamen is meer doeltreffend gemaak deur die afskaffing van geskiedenis en aardrykskunde as eksamenvakke. Hierdie vakke sou voortaan deur die inspekteurs gedurende hulle jaarlikse inspeksiebesoeke ondersoek word met inagneming van die leerlinge se skoolwerk soos aantekeninge, tekeninge ens.

Vanaf 1926[1] is 'n nuwe eksamen, die Hoërskooltoelatings-

---
1) Omsendbrief no. 17 van Oktober 1926, bl. 16

eksamen, ingestel vir alle leerlinge wat voornemens was om 'n middelbare skoolkursus te volg. Alleen die leerlinge wat in in hierdie eksamen geslaag het, sou tot middelbare skole toegelaat word.

Gedurende hierdie tydperk het verstands- en prestasietoetse, veral die eersgenoemde, in Suid-Afrika ingang gevind, en spoedig groot opgang gemaak. In die begin is die toetse op klein skaal uitgevoer, maar reeds in 1924 en 1925 is twee uitgebreide stukke navorsingswerk in die Transvaal gedoen deur prof. J.C . Coetzee van Potchefstroom[1)] en prof. R.F.A. Hoernlè van Johannesburg.[2)]

Afrikaans het nou ook sy volle burgerreg as taalmedium sowel as skoolvak verkry, en Afrikaansmediumskole het in aantal toegeneem. In die begin is daar nog steeds na die invoering en vordering van Afrikaans in die inspeksieverslae verwys, maar later is dit as so vanselfsprekend aanvaar dat daar van geen nuwe invoering of ontwikkeling melding gemaak is nie.

Die oprigting van intermediêre skole[3)] vir die leerlinge wat verder as st. VI wou leer maar tog nie die volledige middelbare kursus wou deurloop nie, was 'n voorwaartse stap. Tog is dit heftig gekritiseer deur sommige, en tereg ook, op sekere gronde. 'n Inspekteur wat hom in besonder ook met die oprigting en instandhouding van hierdie skole moes beywer, is aangestel in die persoon van C.J. Blom, wat terselfdertyd inspekteur van landbou-onderwys was.[4)] Sodoende is hierdie twee sake, op die platteland altans, in verband met mekaar gebring, en die stap kan miskien as die voorloper van die latere skoolplaasstelsel gesien word.

Die middelbare skoolstelsel is op ongeëwenaarde wyse uitgebrei sodat die aantal leerlinge in vyf jaar met meer

---

1) Coetzee, J.C.: Eksperimentele Opvoedkundige Studies.
2) Hoernlè, R .F .A.: Witwatersrand Universiteit Group Test of Mental Ability.
3) Jaarverslag T.O.D. 1922, bl. 14.
4) Ibid. 1925, bl. 21 en 84.

as 140% toegeneem het. Ook het die Provinsie daarin geslaag om die Gemeenskaplike Matrikulasieraad te beweeg om die Provinsiale Middelbare Skoolsertifikaateksamen as gelykwaardig met die Matrikulasie-eksamen te erken onder sekere voorwaardes wat later uiteengesit word[1]. As gevolg van hierdie stap het die onderwysers wat die hele jaar in aanraking met die leerlinge was, 'n mate van seggenskap in hulle bevordering verkry, temeer daar die skoolrekord 'n aansienlike rol by die bevordering gespeel het. Ook het mondelinge eksaminering in die moderne tale onder die nuwe skema tot sy reg gekom.

Die opleiding van onderwysers is verbeter, veral wat die akademiese grondslag betref, deur die invoering van 'n skema waarvolgens die studente 'n gekombineerde universitêre en professionele opleiding kon geniet.

Die gewone vordering t.o.v. die aantal leerlinge en onderwysers en die onderwyspeil in die Provinsie is gedurende hierdie tydperk gehandhaaf ten spyte van skommelings wat aan verskeie oorsake te wyte kon gewees het. Behalwe die buitengewone vordering t.o.v. middelbare onderwys waarop reeds gewys is, was die vordering t.o.v. naturelle-onderwys die grootste waar die aantal leerlinge met ongeveer 77% toegeneem het, en die aantal gesertifiseerde onderwysers met 350%, van 107 in 1919 tot 482 in 1927.

## 2. LAER ONDERWYS.

### (a) Inspekteurs en Inspeksie.

(i) Inspekteurs. In sy jaarverslag oor 1919 het die direkteur gekla[2] dat die salarisse van inspekteurs ontoereikend was en dus onaantreklik, met die gevolg dat die beste onderwysers nie bereid was om inspekteurs te word nie. Dit was te wyte aan die feit dat die inspekteurs nog staatsamptenare van die Unie was en die betrokke outoriteite nie vir 'n hersiening van die salarisskaal te vinde was nie, terwyl die Provinsie reeds die onderwysersalarisse verhoog het. Byna 'n jaar lank is pogings

1) Kyk bl. 216 infra
2) Jaarverslag T.O.D. 1919, bl. 12.

aangewend om nog 'n inspekteur vir middelbare onderwys te vind, dog sonder sukses. Dit was ook die geval met die verkryging van distriksinspekteurs. In 1920 is hierin verbetering aangebring[1)] deur die aanbeveling van die Publieke Dienskommissie wat 'n verhoogde salarisskaal aanbeveel het (maksimum £1000 p.j.). Die direkteur het dan ook die verwagting uitgespreek dat die beste onderwysers toe vir die pos van inspekteur aansoek sou doen.

Die inspekteurs het aanvanklik baie klagtes geuit i.v.m. hulle werk wat te veeleisend was[2)]. Hier dien onthou te word dat elke leerling in elke kring nog individueel deur die inspekteurs ondersoek is alvorens hy na 'n hoër standerd oorgeplaas is. Daarbenewens moes die inspekteurs die mondelinge eksamens van die st. VI-kandidate sowel as van onderwysers vir O.3 en O.2 afneem. Ook moes hulle die skoolrekwisisies nasien.

Die kringe was geweldig groot. In 1920 was daar 17 inspekteurs vir 106,978 leerlinge[3)], d.w.s. 6292 leerlinge per inspekteur, wat volgens die direkteur te veel was. Een voordeel hieraan verbonde was dat die inspekteurs dit noodsaaklik gevind het om die hoeveelheid individuele inspeksie te verminder en meer klas-inspeksie in te voer[3)]. Dit was 'n uitstekende ding en die direkteur het dit ook in hierdie lig beskou.

Verligting is aangebring toe die inspeksie van naturelleskole in 1920 aan spesiale inspekteurs opgedra is[4)]. Tog het die direkteur nog in 1923 beweer[5)] dat daar te min inspekteurs was om die werk deeglik te doen. Daar was in 1923 slegs 19 distriksinspekteurs behalwe twee inspekteurs vir middelbare onderwys, drie inspekteurs vir naturelleskole, 'n inspekteur en organiseerder van voortsettingsklasse en 'n organiseerder

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1920, bl. 17.
2) Ibid., bl. 18 en 143.
3) Ibid., bl 18.
4) Ibid., bl. 15.
5) Ibid. 1923, bl. 27.

van tegniese onderwys. In 1926 was daar 20 inspekteurs in die diens[1] terwyl die aantal laerskoolleerlinge toe reeds tot 115,023 gestyg het.

Verskeie veterane van die inspekteurskorps het gedurende hierdie tydperk die ouderdomsgrens bereik en moes aftree. Onder diegene wat moes aftree, was daar verskeie wat reeds in die dae van die Republiek 'n leidende aandeel in onderwyssake geneem hêt, terwyl verskeie ander baanbrekerswerk gedoen het vanaf die dae van die kampskole. Die volgende het hulle werk as inspekteurs neergelê: Mills, Hofmeyr, Corbett, Thompson, Kerrich, Visscher, Ligërtwood, Klooster, Moerdyk en Acheson.[2] Hiermee het die laaste van die ou garde die tuig neergelê, en miskien is dit aan hierdie feit te danke dat die jonger geslag daarin geslaag het om weg te breek van die tradisionele wyse van inspeksie waarop later gewys word.

Al die afgetrede inspekteurs se plekke is bywyse van nuwe benoemings weer opgevul. In 1925 is C.J. Blom benoem[3] in die pos van inspekteur van landbou-onderwys, 'n nuwe pos wat geskep is om die departement behulpsaam te wees in sy pogings om verder voorsiening te maak vir die onderrig in die beginsels van landbou. Daar tegniese onderwys in 1925 deur die Unieregering oorgeneem is[4], is W.J. Horne, vroeër inspekteur van tegniese onderwys, by die inspekteurspersoneel gevoeg, en die departement het gehoop om Horne se energie en entoesiasme vir die ontwikkeling van handearbeid, veral in die buitedistrikte, aan te wend[5].

<u>(ii) Inspeksie.</u> In die vorige hoofstuk is daarop gewys dat die departement, die inspekteurs en die onderwysers oor die algemeen die sienswyse toegedaan was dat oorplasing in die hande van die onderwysers moes berus en dat die tyd vir hoofdelike inspeksie verby was , maar dat hierdie sienswyse nie in die praktyk

1) Jaarverslag T.O.D. 1926, bl. 24-26.
2) Jaarverslag T.O.D. 1920-1926.
3) Omsendbrief no. 8 van 31 Maart 1925, bl. 24.
4) Jaarverslag T.O.D. 1925, bl. 5 en 9.
5) Ibid., bl. 21.

uitgevoer is nie. Gedurende die tydperk onder bespreking het die praktyk die teorie ingehaal en is 'n hele ommekeer in hierdie opsig bewerkstellig.

Daar dien op gelet te word dat, waar die oorplasing in die begin aan die hoofde oorgelaat is, dit nie soseer uit vrye wil aan die kant van die inspekteurs was nie, maar wel onder druk van omstandighede. So het D . Linney (Noordelike kring) meegedeel[1]) dat oorplasing op byna alle skole in sy kring in 1918 deur die hoofde waargeneem is as gevolg van die griep-epidemie. In 1919 het hy weer self, waar enigsins moontlik, die bevorderinge waargeneem, maar "overeenkomstig ideeën die ik in vorige jaarverslagen verkondigd heb, hoop ik voortaan meer van het gewone werk van de scholen te zullen zien en meer en meer van dat werk aan de onderwyzers over te laten".

Acheson kon, in weerwil van die feit dat hy van ses tot sewe uur in die klaskamers van die Oos-Rand deurgebring het, in 1919, nie elke leerling individueel eksamineer nie, sodat hy verplig was om die oorplasing in 7 skole aan die hoofde oor te laat.[2]) Om 'n behoorlike peil te handhaaf, het hy gelykvormige toetse in sommige vakke opgestel vir standerds III tot V wat op een dag in al die skole geskryf moes word. Hier was daar dus, onder druk van omstandighede, die eerste proefnemings met gelyktydige oorplasing.

A.J. de Vos[3]) het 91 besoeke afgelê vir die bevordering van leerlinge gedurende 1919 en 95 gedurende 1920[4]) en ook hy moes in die skole wat oorgestaan het, die hoofde versoek om self oor te plaas. J.D . Kerrich het in 1919 geskryf[5]):

> "Dit is het eerste jaar dat ik zulke grote scholen als op de West-Rand aangetroffen worden, moest inspekteren, in ik heb meself afgevraagd of ons stelsel van inspektie dat opgegroeid is, niet overeenkomstig bepaalde regulatie doch maar een zekere traditie, en byna geheel een stelsel van eksamineren is, wel het meest geschikt is om die inspekteur een inzicht te geven in de werking van de school. Het is natuurlik

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1919, bl. 143.
2) Ibid., 1919, bl. 100.
3) Ibid. 1919, bl. 115.
4) Ibid. 1920, bl. 143.
5) Ibid. 1919, bl. 128.

> een vraag die naar myn beste weten gedurende de laatste zestien of zeventien jaar in dit land besproken is, en hoewel we ons over het geheel aan het eksamenstelsel gehouden hebben, ben ik geneigd te denken dat de grote scholen op de Westrand een vruchtbaar veld zouden opleveren voor proefnemingen met een nieuwere methode, en ik hoop het volgend jaar zo iets te beproeven."

Die Transvaalse Onderwyskommissie, aangestel op 21 Desember 1917, het in 1919 'n tussentydse en in 1920 'n volledige verslag oor onderwysaangeleenthede in die Transvaal uitgebring. In die lg. is i.v.m. laer onderwys gesê[1] dat inspekteurs in die verlede in die meeste skole die leerlinge indiwidueel geëksamineer het en dat dit 'n verkeerde beleid was. Die verantwoordelikheid vir oorplasing moes by die onderwysers berus. As 'n onderwyser hierdie verantwoordelikheid nie waardig was nie, moes hy nie in die diens gehou word nie, of altans geen verhogings ontvang nie. As die verantwoordelikheid aan onderwysers opgedra is, sou dit hulle status verhoog in hulle eie sowel as in die ouers se oë. Die reëling, reeds in 1903 neergelê, dat oorplasing in die hande van hoofde moes berus, is nog nooit toegepas nie.

In 'n ander paragraaf is gesê[2] dat inspeksie noodsaaklik was om toe te sien dat voordeel verkry word van die publieke geld wat aangewend is. Onverwagte inspeksiebesoeke was goed sodat die inspekteur die skool in sy gewone gang kon sien en nie na voorbereiding vir inspeksie nie. Die vernaamste funksie van die inspekteur moes die van raadgewer wees. Hy moes een van die kanale wees waardeur die onderwyser in aanraking met nuwe metodes en idees bly en terselfdertyd moes hy student bly en ondersoek na opvoedkundige probleme instel.

Inspekteurs moes gereserveer word vir hoër inspektorale diens en nie vir roetinewerk soos die inspeksie van geboue, ens. nie.

In 1920 het Kerrich gesê:[3]

---

1) Verslag van die Transvaalse Onderwyskommissie, bl. 25-27.
2) Ibid., bl. 68-70.
3) Jaarverslag T.O.D. 1920, bl. 148.

> „In samewerking met vele van my kollegas het ek verlede jaar besluit om die stelsel van individuele eksaminering wat tot hiertoe grootliks in die Transvaal in gebruik was, te wysig, en om op die Wes-Rand daarvoor in die plek te stel 'n stelsel van klasinspeksie, gesterk deur 'n sekere mate van eksaminering. In teorie het dit ons altyd vrygestaan om hierdie metode in te voer. 'n Sirkulêre, soveel jaar gelede gedateer dat dit nou al in die vergetelheid verlore is, het ons die reg gegee om enige middel na goeddunke te aanvaar, hetsy deur inspeksie of eksaminering, om vas te stel, en sover dit in ons vermoë is, die waarde van die werk in ons skole te verbeter, en vir sover dit my bewus is, is die sirkulêre nooit ingetrek nie. Sowat vyftien of sestien jaar gelede het etlike van ons wel 'n poging gemaak om klasinspeksie in te voer in plaas van hoofdelike eksaminering, maar dit is vanuit vele kante glad nie goed ontvang nie, en ek onthou dat dit sterk gekritiseer is op 'n vergadering van 'n groot aantal mense wat in onderwys belanggestel het, en wat uit die hele Transvaal afkomstig was. In ieder geval, sprekende vir myself alleen, het ek gevind dat die tyd vir die verandering nog nie daar was nie, en vir jare terug het my werk grotendeels bestaan uit eksaminering en die goedkeuring of afwysing van indiwiduele kinders wat beskou was as kandidate vir 'n hoër klas, terwyl die inspeksie van die werk van die klas as 'n geheel, en kritiek oor metode, weëns gebrek aan tyd 'n mindere plek moes inneem."

Maar dit was veral A. Stephen (Oostelik-Sentrale kring) wat die nuwe skema in werking gestel het. Reeds in 1919 [1)] het hy 'n proefneming geloods wat in 1920 uitgebrei en verbeter is[2)] en in 1921 reeds baie bevredigend gewerk het[3)]. 'n Komitee van onderwysers is aangestel en die inspekteur was ex officio voorsitter van die Komitee. Die Komitee was verantwoordelik vir die eksaminering van leerlinge in sts. I tot V. Hulle het vrae opgestel en aan die skole uitgestuur om in November beantwoord te word. Die antwoorde van sts. IV en V is, nadat hulle in die skole gemerk is, na die Komitee teruggestuur terwyl die van die laer standerds in die skool bewaar is. Die Komitee het die toegekende punte oorweeg en gewysig indien nodig en daarop is die leerlinge oorgeplaas. As die inspekteur tydens sy inspeksiebesoek die klassifikasie nie in orde gevind het nie, kon hy natuurlik die kinders hereksamineer en teen die onderwyser optree.

'n Soortgelyke skema, maar nie so volledig uiteengesit nie, en waarskynlik deur die Standertonse proefneming ingegee, het in die „Kristelike Skoolblad" verskyn in 1919[4)]. Dat dit

1) Jaarverslag T.O.D. 1919, bl. 158.
2) Ibid. 1920, bl. 175.
3) Ibid. 1921, bl. 140.
4) Het Kristelike Schoolblad, Okt. 1919, bl. 9. H. v.d. Dool.

nie algemeen deur onderwysers verwelkom is nie, blyk uit briewe wat daarna in die onderwysersblad verskyn het.

Die stelsel, of iets soortgelyks, is in 1920 deur Linney ingevoer[1] en in 1920 is dit ook in die S.W. kring ingevoer[2]. In die laasgenoemde het Hoogenhout gevind dat die gelyktydige inspeksie uitstekend beantwoord het. Hoe diepgewortelď die verwarring tussen die terme eksamen en inspeksie reeds was, blyk uit die feit dat Hoogenhout van gelyktydige inspeksie geskryf het waar dit tog duidelik eksaminering was. Inspeksie is deur baie as ekwiwalent met eksaminering beskou. Ook Geerling het dit so genoem toe hy in 1927 gemeld het[3] dat hy sy eerste ondervinding met die stelsel opgedoen het.

So het die nuwe oorplasingsmetode onkeerbaar sy gang gegaan totdat dit in alle kringe ingevoer was. Nie alleen het dit die inspekteur in staat gestel om sy tyd en aandag daaraan te wy om die onderwysers met raad en leiding by te staan en kritiek op hulle werk uit te oefen nie, maar dit het groot moeilikhede i.v.m. die oorplasing van leerlinge van die een skool na 'n ander opgelos. Voorheen is kinders in dieselfde distrik op verskillende tye van die jaar bevorder, wat noodwendig soms moeilikhede moes oplewer. Die gelyktydige bevorderingseksamens het nou deurgaans in November plaasgevind en met die nuwe jaar is die leerlinge in hulle nuwe standerds geplaas.

Die eksamens was gedeeltelik ekstern en daardeur is 'n mate van eenvormigheid van standaard in 'n distrik bevorder. Die nadeel was egter dat die euwel wat alle eksterne eksamens aankleef, ook hier ondervind is, nl. dat die eksamens alle werksaamhede oorheers het en onderwys dikwels in eksamendril laat ontaard het.

Die funksie van die inspekteur, wat hy nou beter in staat

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1920, bl. 161.
2) Ibid. 1921, bl.112.
3) Ibid. 1927, bl. 120.

was om uit te voer, is opnuut deur Adamson as volg saamgevat[1]:

> „Die groot werk van 'n inspekteur is opvoedingsdiagnose en behandeling. Hy moet natuurlik in staat wees om die raamwerk van organisasie te toets, maar sy vernaamste sorg behoort te wees om te sien dat daar 'n intellektuele en morele lewensasem en groei is."

Dit het die inspekteurs ook in staat gestel om die onderwysers op wie se aanbeveling die leerlinge oorgeplaas moes word, beter te leer ken, en hierdeur kon die oorplasing nog beter gereël word. Die peil van die skool kon die deurslag gee[2].

(b) Eksamens.

(i) Die Laerskoolsertifikaateksamen. Aan die einde van die paragraaf oor eksamens in die vorige hoofstuk is 'n skema i.v.m. hierdie eksamen uiteengesit wat die departement aan 'n vergadering van inspekteurs en hoofde van hoër- en laerskole voorgelê het. Die eksamen sou terselfdertyd ook die toelatingseksamen tot die hoërskool wees. Volgens hierdie skema sou puntetoekenning afgeskaf word, en die kandidate deur die hoof in volgorde van verdienste gerangskik word. Dat hierdie skema ingevoer is maar nie algemene tevredenheid gegee het nie, blyk uit wat inspekteurs en onderwysers in daaropvolgende jare geskryf het.

Inspekteur Botha het die stelsel veral veroordeel omdat die skoolverslag van die kandidate nie in aanmerking geneem is nie[3]. Hy het verder aanbeveel dat die eksaminatore uit onderwysers van die laerskool moes bestaan. Ook Klooster het dit betwyfel of die eksamen in sy toe·bestaande vorm moes voortduur[4].

Op 'n inspekteurskonferensie, gehou in Desember 1920, is die eksamen bespreek[5] en daar is die feit beklemtoon dat die eksamen lastig en te uitgebreid geword het. Adamson het daar die vraag geopper of die tyd nie aangebreek het om

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1923, bl. 31.
2) Sadler, M., in The New Era, April 1929, bl. 16.
3) Jaarverslag T.O.D. 1919, bl. 108-109.
4) Ibid., bl. 136.
5) Ibid. 1920, bl. 16-17.

die eksamen af te skaf nie. Die vraag sou op die volgende inspekteurskonferensie breedvoerig bespreek word.

Die teenoorgestelde sienswyse is deur Corbett beklemtoon toe hy die hoop uitgespreek het[1] dat die agitasie wat dwarsdeur die Transvaal op tou gesit is om die st. VI-eksamen af te skaf, nie sou slaag nie. Hy het ook gekla oor die afskaffing van die st. VII--eksamen. „Die eksamenwoede van enige jare gelede het kwaad gedoen, maar die anti-eksamenwoede wat nou oor die Transvaal skyn te kom, sal hoogswaarskynlik baie meer kwaad doen." Aldus Corbett.

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon, het Corbett die ou skool verteenwoordig waar „routine, the narrow imposition of authority and coercion"[2] die botoon gevoer het. In 1925 het die redakteur van The New Era hierdie sienswyse as volg geskets[3]:

> „The 'old' type of school has three dominant aims, firstly, 'results', actual tangible results, gauged by the number of examination successes; secondly, as the consequence of a false idea of education, accumulation of the largest possible number of facts; thirdly, the arousing of interest in school work by artificial stimuli, such as marks, prizes, position in the class."

Dit skets Corbett se sienswyse uitstekend.

In 1921 is daar 'n departementele kommissie benoem[4] om op die st. VI-eksamen in te gaan en te oorweeg of dit behou, gewysig of afgeskaf moes word. Die kommissie het bestaan uit 6 inspekteurs en 9 onderwysers, drie verteenwoordigers elk van die V.V.O.O., die T.T.A. en die personeel van hoërskole. Die kommissie het ses keer vergader onder die voorsitterskap van F. Handel Thompson[5]. Die vernaamste aanbevelings was:

(a) Solank as die oorgang na 'n hoërskool aan die einde van st. VI plaasgevind het, was 'n eksamen noodsaaklik. Die skriftelike eksamen moes dus behou word.

(b) Die eksamenvakke moes in drie groepe verdeel word, nl.

1) Jaarverslag T.O.D. 1920, bl. 142.
2) The New Era, Okt. 1923, bl. 219. (Adolphe Ferrière).
3) Ibid., Jan. 1925, bl. 1. (The Outlook Tower).
4) Jaarverslag T.O.D. 1921, bl. 31. Ook Tvl. Educl. News, Aug. 1921, bl. 4.
5) Die Kristelike Skoolblad, Jan. 1922, bl. 1-5 waar die volledige verslag verskyn.

groep 1, die vakke wat vermoë toets, d.w.s. wat toon of die kandidaat iets kan doen, t.w. Engels, Afrikaans of Nederlands, rekenkunde, meetkunde en Natuurlike Historie. Hierdie groep moes die departementele skriftelike eksamengroep genoem word.
Groep 2, die vakke wat grotendeels die geheue toets en wat die inspeksiegroep genoem moes word, t.w. geskiedenis, aardrykskunde en natuurkennis.
Groep 3, die endossement-groep, t.w. naaldwerk, kookkuns, handearbeid en tekene.

In die vakke van groep 1 moes 'n skriftelike eksamen afgelê word terwyl die vakke van groep 2 deur die inspekteur by sy inspeksiebesoek ondersoek moes word in oorleg met die onderwysers en met inagneming van die skoolwerk van die leerling.

Ander aanbevelings het ingesluit dat 'n leerling in 3 uit die 4 vakke van groep 1 sowel as in 2 uit die 3 vakke van groep 2 moes slaag. Die maksima en minima punte, die eksamenrooster, die datum, die sentra e.d.m. is ook bespreek.

Hiermee het die onderwysers die gulde geleentheid wat hulle gebied was om die afskaffing van die eksamen aan te beveel, deur die vingers laat glip, om kort daarna weer met agitasies vir die afskaffing te begin.

Die verslag is op 'n inspekteurskonferensie behandel[1] en sekere wysigings is aanbeveel. Ewentueel is die hele kwessie voor die Uitvoerende Komitee gelê en toestemming is verkry om die volgende wysigings in te voer: Geskiedenis is dadelik van die eksamenvakke verwyder en het 'n inspeksievak geword. Aardrykskunde en natuurkennis sou later hierby gevoeg word as die proefneming met geskiedenis suksesvol geblyk het. Om 'n sertifikaat te verdien, moes 'n leerling slaag in die eerste taal op die hoër trap, rekenkunde en minstens twee van die volgende: die tweede taal op die laer trap, geskiedenis, aardrykskunde en natuurkennis.

Hierdie reëling het in 1923 in werking getree toe geskiedenis as eksamenvak afgeskaf is[2]. Aardrykskunde is in 1924

1) Jaarverslag T.O.D. 1921, bl. 31-32.
2) Ibid. 1922, bl. 12. Ook Oms. no. 4 van 31 Mrt. '24, bl. 5.

tot 'n inspeksievak verander, maar in 1933 was natuurkennis nog 'n eksamenvak[1].

Die direkteur was van mening [2] dat hierdie veranderings die onderrig in die vakke sou bevorder deur die versoeking weg te neem om kennis in te pomp. Voortaan kon die onderwysers dus t.o.v. hierdie vakke hulle minder op eksamen-afrigting toelê en hulle meer daarop toespits om liefde vir die vakke aan te kweek en 'n historiese of aardrykskundige sin by die leerlinge op te wek, sake wat van veel meer belang is as feitekennis en eksamenresultate, soos Hartog reeds in 1911 aangetoon het[3]. Elders het Hartog gesê: „Culture is as individual a thing as conscience, and culture may be killed, though it cannot be caught, by examinations."[4]

Dat die saak nog nie bevredigend opgelos was nie, blyk uit verdere agitasies in die organe en geledere van die onderwysers. Reeds in November 1923 is 'n kragtige pleidooi vir die totale afskaffing van die eksamen in die „Transvaal Educational News" opgeneem[5]. As vernaamste redes is aangevoer: (i) dat sang, teken en dergelike vakke in st. VI verwaarloos is terwille van die eksamen; (ii) dat net daardie leerlinge na st. VI oorgeplaas is wat doodseker sou slaag; (iii) dat die vrae in die verskillende vakke van jaar tot jaar so grootliks verskil het dat 'n onderwyser nooit geweet het wat om te verwag nie; (iv) dat swakker leerlinge soms geslaag het waar skranderes gedruip het.

Op die kongres van die T.T.A. in 1925 is besluit[6] om by die departement op die afskaffing van die st. VI-eksamen aan te dring. Hierop het die direkteur geantwoord dat die besluit reeds in beginsel aanvaar was. Op die kongres is ook besluit om aan te beveel dat, as die eksamen behou moes word, elke inspeksiekring vir die merk van sy eie antwoorde verantwoorde-

1) Die Christelike Skoolblad, Jan. 1933, bl. 34, besluit 20.
2) Jaarverslag T.O.D. 1922, bl. 12.
3) Hartog, P.: Examinations, in The School World, Okt. 1911, bl. 363.
4) Journal of Education, Mei 1924, bl. 278.
5) Transvaal Educational News, Nov. 1923, bl. 4.
6) Ibid. Aug. 1925, bl. 10.

lik moes wees. Hierdie voorstel is deur die direkteur aanvaar, en dit is nie vreemd nie as die omvang wat die eksamen reeds aangeneem het, in ag geneem word. Die aantal kandidate het so toegeneem dat die inspekteurs nie meer in staat was om al die skrifte in Johannesburg na te sien nie. Die onderstaande tabel toon o.a. die geweldige toename in die aantal kandidate.

Tabel XIII. Laerskoolsertifikaateksamen (St. VI) in die Transvaal 1919-1926.[1]

| | 1919 | 1920 | 1921 | 1922 | 1923 | 1924 | 1925 | 1926 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal Kandidate | 5518 | 6628 | 7256 | 7942 | 7441 | 7342 | 8163 | 8784 |
| Aantal Geslaag | 3364 | 5330 | 5610 | 5856 | 5497 | 5335 | 5191 | 6191 |
| % Geslaag | 61 | 80.4 | 77.3 | 73.7 | 73.9 | 72.7 | 63.6 | 70.5 |

Vir 1927 is geen gegewens in die jaarverslag verstrek nie. Die eksamen is wel gehou maar as lokale aangeleentheid beskou, omdat die antwoorde in elke kring self nagesien is ingevolge instruksies van die departement[2]. Deur die instelling van die Hoërskooltoelatingseksamen aan die einde van st. V waarop in die volgende onderafdeling gelet word, het st. VI opgehou om die toelatingseksamen te wees, en was gevolglik nou minder belangrik, hoewel dit nog die eindeksamen van die laerskool was en die laerskoolsertifikaat daarop uitgereik is.

Die skommelings in die persentasie geslaagdes toon dat daar nog maar weinig vordering gemaak is in die rigting van eenvormigheid in die peil van die vrae van jaar tot jaar. Die klagte van onderwysers dat die vrae van jaar tot jaar so grootliks in moeilikheid verskil het dat hulle nooit geweet het wat om te verwag nie, skyn gegrond te gewees het, temeer nog as op afsonderlike vakke gelet word. In 1923, 1924, 1925 en 1926 het daar in Engels respektiewelik 1562, 947, 2806 en 774 leerlinge gedruip. In Afrikaans het in 1924, 1925 en 1926 onderskeidelik 1094, 1964 en 900 gedruip[1].

1) Syfers aan die verskillende jaarverslae van die T.O.D. ontleen.
2) Omsendbrief no. 17 van Okt. 1926, bl. 16.

(ii) Die Hoërskooltoelatingseksamen (H.S.T.). Op watter stadium die oorgang van die laer na die middelbare skool moes plaasvind, was nog geen uitgemaakte saak nie. In die vorige hoofstuk is op die onsekerheid gewys wat daar geheers het. Uit 'n opvoedkundige oogpunt beskou, was die beste stadium van oorgang na die voltooiing van st. V, maar praktiese moeilikhede het die departement gedwing om die oorgang na afloop van st. VI te laat plaasvind. Hierdie onsekerheid het nou nog voortgeduur.

Die kommissie van inspekteurs en onderwysers deur die departement in 1921 aangestel, waarna reeds verwys is, het ook oor hierdie saak 'n aanbeveling gemaak[1] wat daarop neergekom het dat oorplasing na st. V moes geskied, en dat sulke leerlinge dan van die st. VI-eksamen vrygestel moes word. Dit was volgens die direkteur se mening[2] die regte stap, maar weer kon dit as gevolg van praktiese moeilikhede nie uitgevoer word nie.

In die 1923-verslag is die saak weer deur die direkteur te berde gebring[3]. Volgens hom was hoofde van hoërskole sonder uitsondering ten gunste van oorplasing aan die einde van st. V. Die reëling was reeds in werking op die Rand, in Pretoria en in Potchefstroom en dit het, volgens Adamson, 'n uitstekende reëling geblyk. Hy was ten gunste van uitbreiding van hierdie reëling na alle gebiede. Hy het egter die beswaar geopper dat leerlinge op hierdie vroeë stadium hulself geen reg kon laat wedervaar in 'n offisiële departementele eksamen nie. [illegible] nder

„Die onderwyser, lettende op die oordeel wat oor sy werk gevel word deur ouers, kommissies en skoolrade, 'n oordeel wat grootliks gebaseer is op eksamenresultate, kom in die versoeking om die eksamen die mikpunt van sy werk te maak, dikwels, hoewel nie noodwendig nie, tot groot nadeel van sy werk as opvoeder."

Waarom dit op hierdie stadium soveel gevaarliker was as 'n jaar later, het Adamson nie verduidelik nie.

Die leerlinge in die bogenoemde sentra het reeds aan die

---

1) Die Christelike Skoolblad, Jan. 1922, bl. 4.
2) Jaarverslag T.O.D. 1921, bl. 32.
3) Ibid. 1923, bl. 54-55.

einde van st. V 'n hoërskooltoelatingseksamen geskryf[1]. Watter vakke hierby betrokke was, is nie gemeld nie.

In 1926 is die H.S.T. na die plattelandse gebiede uitgebrei, maar toelating tot hoërskole kon voorlopig ook nog na st. VI geskied. Regulasies is in hierdie verband uitgereik[2] wat neergelê het dat toelating tot hoërskole in gebiede anders as die Rand en Pretoria vanaf die begin van 1927 nog na st. VI sou geskied soos gewoonlik (maar die eksamenwerk sou nie meer na Johannesburg gaan nie) en na die aflegging van die H.S.T. aan die einde van st. V. Die H.S.T. sou bestaan uit eksamens in Afrikaans, Engels en rekenkunde. Eksamenskrifte sou nagesien word deur komitees van onderwysers wat deur die inspekteurs benoem sou word, en instruksies sou deur die inspekteur gegee word met betrekking tot die uitdeling van hierdie skrifte en die keuse van eksamensentra. Om te verhoed dat onderwysers net op hierdie vakke sou konsentreer in st. V, sou die skoolrekord in geskiedenis en aardrykskunde in aanmerking geneem word, en hierdie skoolrekords moes aan die inspekteur gestuur word.

In die jaarverslag oor 1926 het die direkteur gesê [3] dat dit nie moontlik was om hierdie reëling in alle distrikte toe te pas nie maar dat 1927 die laaste jaar behoort te wees waarin toelating tot 'n middelbare skool na st. VI geskied het in enige distrik. In die praktyk het dit egter baie anders geblyk, soos in die volgende hoofstuk aangetoon sal word.

(iii) Skooleksamens, deur onderwysers self afgeneem, skyn 'n groot omvang aangeneem te hê, veral gedurende hierdie periode. In 1923 het die inspekteurs van Rand-Sentraal daarop gewys[4] dat in baie skole te veel tyd aan eksamens bestee is in die middel en aan die einde van die kwartaal, sowel as aan gedurige toetse. Nie alleen die eksamens nie, maar ook die voorbereiding vir die eksamens, het baie tyd in beslag geneem. Dit was

1) Jaarverslag T.O.D. 1923, bl. 54.
2) Omsendbrief no. 17 van Okt. 1926, bl. 16.
3) Jaarverslag T.O.D. 1926, bl. 11.
4) Ibid. 1923, bl. 163.

onnodig om soveel tyd te bestee om uit te vind wat die onderwyser waarskynlik reeds geweet het.

Hierdie praktyk was nie net tot die bogenoemde kring beperk nie, maar moes vry algemeen gewees het; daarom dat die departement dit nodig geag het om hoofde te versoek[1] om driemaandelikse eksamens soveel moontlik te ontmoedig en eksamens te beperk tot twee per jaar.

Die vraag kom by die ondersoeker op of die onderwysers dan nog nie genoeg aan departementele en oorplasingseksamens gehad het nie. Hierdie skooleksamens is waarskynlik egter juis gehou om die kinders aan eksamens gewoond te maak, m.a.w. om hulle af te rig vir die groot dag. Dit was dus juis 'n gevolg van die departement en die inspekteurs se eksamenbeleid.

Teen interne eksamens as sodanig, gehou met die doel om te diagnoseer, kan daar geen prinsipiële besware ingebring word nie, mits hulle nie in formele, tydrowende eksamens ontaard nie. Reeds in 1917 het die London County Council 'n pamflet „Internal Examinations in Public Elementary Schools" uitgereik waarin o.a. gesê is[2]:

> „The objections that have been urged against examinations are valid against external examinations only; and even then only when the examinations are allowed to invert the natural order of things by determining the course of study instead of being determined by it. Against internal examinations the objections lose all their force. Indeed, the slightest reflection will show that examinations enter as an essential factor into the process of education. They cannot be dispensed with. Every question is a test, every task performed by the pupil is a test; and an examination is nothing but a systematised series of tests. Without tests of some kind the teacher can never discover the abilities and attainments of his pupils, and can never measure the progress they make under his teaching."

<u>(iv) Verstands- en Prestasietoetse.</u> Die verstandstoetse wat eintlik eers van die tyd van Binet af (1905) dateer, is in baie lande gewysig, hersien en aangepas, bv. in Amerika, Engeland, Duitsland en Holland[3]. Hierdie toetse wat indiwiduele toetse is, is ook in Suid-Afrika aangepas en aangevul, o.a. deur dr. J.M. Moll, dr. Egerton Brown en dr. E. Eybers[3]. Hulle

---

1) Omsendbrief no. 18 van Des. 1926, bl. 9.
2) The School World, April 1917, bl. 130.
3) Coetzee, J.C.: Eksperimentele Opvoedkundige Studies, bl. 18 tot 27.

het hulle op die individuele toetse toegelê wat wel baie meer akkuraat as die groeptoetse is, maar wat baie stadig is om te gebruik en 'n hoë mate van opleiding vereis sodat dit nooit dieselfde opgang onder die breë lae van die opvoeders gemaak het as die groeptoetse nie.

Groeptoetse is in Amerika ontwerp om groot getalle soldate te toets vir deelname aan die eerste Wêreldoorlog[1]. Dadelik is die groot nut van hierdie soort toets ingesien, ook vir klassifikasiedoeleindes in skole, en met die oog hierop is dit gewysig en verbeter met Amerika steeds op die voorpunt.

In 1922 het E.G. Malherbe[2] die standaardisering van verstandstoetse vir Suid-Afrika bepleit en op die voordele van sulke toetse gewys. Vanaf 1922 het daar gereeld artikels oor verstandsmeting in die onderwysersorgane verskyn. Van besondere belang is twee artikels in die Transvaal Educational News van Desember 1922 en November 1923.

Op 12 April 1922 het dr. E. Eybers 'n referaat oor „Begaafdheid en die Meting Daarvan" op die kongres van die V.V.O.O. te Pretoria gelewer[3]. In die September-, Oktober, en November 1922-uitgawes van die Christelike Skoolblad het daar artikels oor die onderwerp verskyn. Belangstelling het dus toegeneem.

Die eerste werklike proefnemings op enigsins uitgebreide skaal in die Transvaal is egter eers in 1924 en 1925 uitgevoer, onderskeidelik deur proff. J.C. Coetzee[4] en R.F.A. Hoernlè[5]. Albei het hulle bepaal by die ondersoek van kinders in stede of groot dorpe en kon dus geen algemeen geldende norme vasstel nie. Dit was egter baanbrekerswerk en veral Coetzee se werk het die fondament gelê vir verdere navorsingswerk op hierdie gebied.

Geykte prestasietoetse is van baie ouer oorsprong in ander lande. J.M. Rice word as die eerste persoon beskou[6] wat op

---

1) Coetzee, J.C.: Eksptle. Opvoedk. Studies, bl. 28 e.v.
2) Art. in S.A. Quarterly, oorgeneem in T.E.News, Des. 1922, bl.8
3) Die Christelike Skoolblad, Junie 1922, bl. 5.
4) Eksperimentele Opvoedkundige Studies, Deel 1.
5) Witwatersrand University Group Test of Mental Ability.
6) Coetzee, J.C.: t.a.p., bl. 157.

sistematiese wyse getrag het om sulke toetse op te stel. Geweldige uitbreiding en uitbouing het hierop gevolg in alle lande. In Suid-Afrika het Coetzee ook op hierdie gebied pionierswerk gedoen met sy meting van rekenkundige bekwaamheid[1]. Sy toetse word nog as standaardtoetse beskou, hoewel die norme nie as verteenwoordigend beskou kan word nie, omdat dit op leerlinge in stede en groot dorpe betrekking het en die aantal proefpersone nie baie groot was nie. In die volgende dekade het dr. E.G. Malherbe op groot skaal proefnemings met sowel verstands- as prestasietoetse uitgevoer i.v.m. die uitgebreide ondersoek na die armblankedom. Daarop word in die volgende hoofstuk teruggekom.

(c) Die Twee Tale.

(i) Afrikaans. Afrikaans was nog in 'n oorgangstydperk sowel wat skryftaal as invoering in die skole betref. Daar was groot verskille tussen die skole wat betref die stadium deur Afrikaans bereik.[2] Sommige skole het dadelik daarmee begin terwyl ander dit in 1919 nog nie as vak ingevoer het nie, maar met Nederlands voortgegaan het. Dit het, volgens inspekteur Botha, moeilikhede veroorsaak by die oorplasing van leerlinge van die een skool na 'n ander. In sommige kringe was Afrikaans reeds algemeen ingevoer as medium en as vak tot by st. IV. bv. in die N.W. kring[3] waar die resultate as hoogs bevredigend beskryf is omdat die kinders hulle kon bedien van 'n vorm waarmee hull. vertroud was.

Teen die geleidelike invoering van Afrikaans as vak is van verskeie kante beswaar geopper. Veral v.d. Lingen en Visscher[4] moet in hierdie verband genoem word.

In die Randse skole was die toestand natuurlik anders as in die plattelandse. J. Tub[5], Hollandse inspekteur aan die Rand, het byna die hele tweede helfte van 1919 aan die afneem

1) Coetzee, J.C.: Ekspmle. Opvoedk. Studies, Deel 2.
2) Jaarverslag T.O.D. 1919, bl. 110.
3) Ibid., bl. 151.
4) Ibid., bl. 165 en 167.
5) Ibid., bl. 145.

van die mondelinge deel van die laerskoolsertifikaateksamen bestee. Hy het gekla:

„Dit werk is in veel gevallen tydverspillen en nutteloos. Zolang hoofden van scholen maar toelaten wat er by toeval in st. VI zit, al behoren de leerlingen in st. II te zyn, zal de hollandse inspekteur moeten voortgaan met tyd vermorsen. Kinderen komen in school en weigeren Hollands te nemen, of hebben vroeger nooit Hollands geleerd; in st. IV wordt het hen duidelik dat de merken, die by dat eksamen verkregen kunnen worden, toch wel de moeite waard zyn en ze besluiten zich by de hollandse klas aan te sluiten."

Die resultate van mondelinge sowel as skriftelike Hollands by die laerskoolsertifikaateksamen was dan ook dikwels baie swak. Hier blyk dit dus ook dat Afrikaans nog nie in die hoër standerds as vak ingevoer was nie. Lub het verder gekla dat waar Hollands as vak onderrig is maar Afrikaans gepraat is, dit die leerlinge, veral die Engelssprekendes, in die war gebring het.

Sommige inspekteurs het gekla dat daar onderwysers was wat gemeen het dat Afrikaans vanself sou kom en daarom nie genoegsame aandag aan die onderrig daarvan bestee het nie[1].

Gedurende die eerste jare na 1919 is daar nog steeds deur die inspekteurs melding gemaak van die toenemende mate waarin Afrikaans ingevoer is. Daarna is dit as so vanselfsprekend aanvaar, dat daar maar selde nog van so-iets melding gemaak is. Weliswaar is daar nog steeds goeie vordering gerapporteer. In 1920 het A.J. de Vos geskryf[2]: „Werk in Afrikaans toon aanmerklike verbetering op wat vroeër in Nederlands gedaan is. Ongehinderd deur die „het" en „de" reëls, vind die leerlinge sig ten laaste vry om 'n bietjie aandag aan taal en vorm te bestee." Moerdyk het in 1923 die vordering in Afrikaans as verrassend beskryf[3]. Ook op die Rand [4] was daar groot vordering en baie min Engelse leerlinge het vrystelling van Afrikaans geëis, hoewel baie ouers nog steeds nie Afrikaans as 'n skoolvak wou beskou nie. Die eksamenkommissie, belas met die laerskoolsertifikaateksamen, het in 1924 i.v.m. Afrikaans hoër

1) Jaarverslag T.O.D. 1919, bl. 146; 1923, bl. 127; 1927, bl.114.
2) Ibid. 1920, bl. 146.
3) Ibid. 1923, bl. 114.
4) Ibid., bl. 140 en 164.

gerapporteer dat[1] die algemene indruk gunstig was en dat vooruitgang oral waar te neem was t.o.v. opstel. Oor Afrikaans laer was die rapport teleurstellend, en die volgende aanhaling is van belang: „By die eksaminatore is die indruk gewek dat aan hierdie vak op die Rand nie die nodige aandag gewy word nie."[2] In die 1925-verslag het die eksaminatore die bevinding geboekstaaf[3] dat waar die tweede taal ook buite die skool gehoor en beoefen is, die resultate dikwels verrassend was. Waar die onderwys in die tweede taal tot binne die skoolmure beperk gebly het, was die woordeskat uiters gering, die woordskikking gebrekkig en die spelling swak.

(ii) Engels. Oor Engels as vak is dit nie nodig om hier uit te wei nie, aangesien dit, anders as Afrikaans, 'n gevestigde skoolvak was en toestande min of meer onveranderd gebly het. Dikwels het inspekteurs op die platteland gerapporteer dat die onderrig in Engels nog onbevredigend was[4]. In ander gevalle is daar weer van verbetering en vordering melding gemaak[5]. In die Afrikaansmediumskole op die Rand is daar goeie werk in die onderrig van Engels gedoen. In 1927 was die verslag besonder gunstig in hierdie verband[6]:

> „Baie aandag word gegee aan die onderrig in Engels in Afrikaansmediumskole. Sonder 'n enkele uitsondering is prinsipale vasbeslote om verbetering te bring in die metodes waarop die tweede taal onderwys word. Dit is geen oordrywing nie om te sê dat van die verskillende vakke van die skoolkurrikulum Engels die vernaamste plek inneem in die oë van hierdie prinsipale. Dit wil egter nie sê dat Engels in hierdie skole nie vir verbetering vatbaar is nie. ............., maar dit moet beskou word dat Engels 'n bevredigende hoë standaard in hierdie skole bereik het, beide mondeling en skriftelik."

Dit skyn asof die vernaamste gebrek, sowel wat Afrikaanse as Engelse taalonderrig betref, daarin geleë was dat daar te min

---

1) [illegible] 112.
2) In die eksamen was die mees alledaagse woorde soos wa, graaf, bril, ens. misverstaan. Sinne soos die volgende het voorgekom: Die man was nieteenstaande sy vrou; die sambreel word gebruik om die breel te sam.
3) Jaarverslag T.O.D. 1925, bl. 171.
4) Ibid., bl. 130, 133 en Eksamenrapport bl. 170. Ook 1927, bl. 98 en ander plekke.
5) Ibid. 1919, Eksamenrapport, bl. 170. Ook 1924, bl. 114; 1925, bl. 93; 1927, bl. 99.
6) Ibid, 1927, bl. 99.

mondelinge werk ter voorbereiding van die skriftelike werk gedaan is. Hiervan wemel die inspeksieverslae eenvoudig.[1)]

Die oorsaak van die verwaarlosing van mondelinge werk moet waarskynlik by die eksamenmetode gesoek word. Omdat die skriftelike eksamen in die tale óf uitsluitlik óf oorwegend deurslaggewend was, het die onderwysers hulle veral daarop toegelê, sonder inagneming van die gesonde opvoedkundige beginsel dat skriftelike werk op mondelinge moes berus en volg.[2)]

<u>(iii) Voertaal.</u> Op die platteland was Afrikaans as voertaal ingeburger en in die stede was Engels in hierdie posisie. In albei gevalle was daar wel uitsonderings waar die omgewing oorwegend Engels of Afrikaans was.

Hoewel daar in vorige inspeksieverslae oor die Rand-Sentraal reeds van Afrikaansmediumskole melding gemaak is, is vir die eerste keer in 1925 'n syfer in hierdie verband genoem.[3)] Van die 66 laer- en juniorskole was 13 Afrikaansmediumskole. Op verskeie plekke is daar vir Afrikaanssprekende leerlinge voorsiening gemaak bywyse van parallelklasse. Baie Afrikaanse leerlinge was nog in Engelse skole as gevolg van „die domheid of die onwil van baie ouers."[4)] Baie mense het nl. gemeen dat „Afrikaansmedium" beteken het dat daar geen Engels geleer is nie, en hulle het Engels as noodsaaklik beskou. „Daar is ander ouers wat nie deur onwetendheid nie, maar deur gebrek aan nasionale gevoelens of om ekonomiese redes daarop staan dat hulle kinders in Engelsmediumskole sal onderwys word....... " Die beslissing het by die ouers berus.[5)]

'n Poging om hierin verandering te bring, het misluk toe 'n ontwerp-ordonnansie om die beslissing in die hande van die onderwysers en inspekteurs te laat, deur die Provinsiale Raad verwerp is.[6)]

Afrikaansmediumskole het in 1927 toegeneem in aantal, en

---

1) Bv. Jaarverslae T.O.D. 1920, bl. 133, 137, 141, 146, ens.; 1921, bl. 101, 112, 115, ens.; 1923, bl. 106 ens.; 1925, bl. 93, ens.
2) Journal of Education, Mei 1924, bl. 278 (Red.)
3) Jaarverslag T.O.D. 1925, bl. 92.
4) Ibid., bl. 94.
5) Ibid., 1925, bl. 94.
6) Ibid., bl. 18-19. In 1934 is so'n ordonnansie aangeneem. Kyk volgende hoofstuk.

verskeie parallelklasse vir Afrikaans is opgerig[1]. Ook by drie skole was daar parallelklasse vir Engels. So is voorsiening gemaak vir die onderrig sover moontlik van alle kinders deur middel van hulle huistaal. Dit was, volgens Scott se mening in 1925[2] die regte prosedure.

„Dit is te hope dat daar nou algemeen erken word dat die opvoedkundige beginsel van onderrig deur die moedertaal gesond is. Die vertolking van wat werklik die huistaal is, is die enigste punt waar dit op aankom." (Ek onderstreep)

(d) Algemene Toestande.

(i) Statistieke. Die aantal laerskole het gedurende die jare onder bespreking met ongeveer 20% toegeneem terwyl die aantal leerlinge met ongeveer 19% vermeerder het. Die volgende tabel toon die jaarlikse stand aan:

Tabel XIV. Aantal Laerskole, Leerlinge en Onderwysers in die Transvaal, 1919 - 1927.[3]

| | 1919 | 1920 | 1921 | 1922 | 1923 | 1924 | 1925 | 1926 | 1927 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Aantal Laerskole | 1040 | 1100 | 1160 | 1187 | 1211 | 1232 | 1236 | 1246 | 1254 |
| 2. Laerskoolleerlinge | 99387 | 104824 | 110842 | 115146 | 115290 | 112974 | 113555 | 115023 | 118595 |
| 3. Onderw. in Alle Skole | 4142 | 4599 | 4970 | 5064 | 5081 | 5149 | 5123 | 5158 | 5294 |
| 4. Persentasie Gesert. | 69 | 69.2 | 71.5 | 75.7 | 78.6 | 82.8 | 85.8 | 88.6 | 90.1 |

Die vermindering in die aantal leerlinge in 1924 is grotendeels daaraan te wyte dat baie minder leerlinge onder 7 jaar in 1924 toegelaat is as in 1923. Verder het daar waarskynlik meer leerlinge na die voltooiing van st. V na die

1) Jaarverslag T.O.D. 1927, bl. 98.
2) Ibid. 1925, bl. 19.
3) Syfers ontleen aan die verskillende Jaarverslae.

middelbare skole oorgegaan. Die aantal middelbare skoolleerlinge toon 'n groot vermeerdering in 1924 (kyk tabel XV op bl.209.)

(ii) Onderwysers. In 1918 was die persentasie gesertifiseerde onderwysers 73.5. In 1915 is die hoogtepunt vir daardie tydperk bereik toe 77% gesertifiseerd was. Uit die bostaande tabel blyk dit dat daar 'n verder verswakking was in 1919, maar dat die kwaliteit van die onderwysers daarna konsekwent bly verbeter het totdat daar in 1927 nie minder as 90% van alle onderwysers gekwalifiseerd was nie. Hierdie verbetering in die kwalifikasies van onderwysers was ongetwyfeld een van die vername faktore wat daartoe bygedra het dat oorplasing alhoemeer in hulle hande geplaas is.

Daar was destyds, soos maar altyd, uitermate swak onderwysers, en dikwels is klagtes deur die inspekteurs geuit. In die verslag van inspekteurs Klooster en Ligertwood oor 1920 (Pretoria-kring) is bv. gesê:[1) „........... we hebben te veel hoofden, die assistent moeten zyn; en te veel assistenten voor de klas, die erin moeten zitten." Van A.J. de Vos[2) se 204 onderwysers in 1921 het slegs 21 verder gegaan as O.3 en 82 was ongesertifiseerd van wie 24 as hoofde ageer het. In 1923 het W. Gutsche gekla[3) dat sommige onderwysers in sy kring self nie behoorlik Engels kon praat nie, sodat die kennis van Engels in daardie skole absoluut onbevredigend was. Hierdie klagtes het steeds op minderhede betrekking gehad. Dikwels is ook melding gemaak van die ywer en toewyding waarmee die onderwysers oor die algemeen hulle pligte nagekom het.

(iii) Onderwys en Opvoeding. In baie gevalle word die klagte in inspeksieverslae aangetref dat die onderwys te ver verwyderd van die lewe was en dat die kinders in 'n kunsmatige atmosfeer vir eksamens afgerig is. Die eksamens (gelyktydige oorplasings- en ander) was natuurlik in 'n groot mate hiervoor

1) Jaarverslag 1920, bl. 153.
2) Ibid. 1921, bl. 107.
3) Ibid. 1923, bl. 108.

verantwoordelik. Te dikwels het die skoollewe die skyn gegee van die opvatting soos deur Oskar Jäger gelug:[1] „Hoe verder iets van die lewe verwyder is, des te geskikter is dit as skoolvak."

In 1919 het J.L. Moerdyk bv. gekla[2] dat die onderwys te dikwels van die lewe geskei was en weinig rekening gehou het met die eise van die lewe. Tog moes die skool die kind voorberei vir die lewe. Natuurstudie moes gepaard gaan met praktiese werk in die tuin, veld en veeboerdery; so ook moes die ander vakke toegepas word op die aktiwiteite van die lewe self. Hy het ook gevind dat te weinig aandag aan die ontwikkeling van die sosiale lewe in die buitedistrikte geskenk is. In die dorpe en stede het die kinders die geleentheid daartoe gehad, maar op die plase was daar 'n ruim arbeidsveld vir die verruiming van die lewens- en gesigskring van die kinders. Moerdyk het hier 'n mening uitgespreek wat kragdadiglik deur die nuwe opvoeding bepleit word nl. aanpassing van die skoolwerk by die werk van die omgewing deur aktiwiteit van die kinders.

In 1922 het P.M. v.d. Lingen in 'n verhandeling getiteld „Is ons onderwys doeltreffend?"[3] dit as sy oorwoë mening uitgespreek dat die onderwys te veel 'n afrigting vir eksamens was, selfs in so'n mate dat die onderwysers nie die tyd gehad het om die kinders op die erns van die lewe te wys nie. Onderwys was ook nie prakties nie. Die kinders, veral op die plase, moes in staat gestel word om self die wiele van hulle waens te kort, hulle perde te beslaan, ploeë te repareer, ens. Hulle moes nie as ambagsmanne opgelei word nie, maar moes net minder afhanklik van ander wees. Hierdie opvatting van v.d. Lingen is filosofies en sielkundig reg, maar dit het nie ver genoeg gegaan nie: materiaal

1) Petersen, Peter: Die Nieu-Europese Opvoedingsbeweging, bl. 77.
2) Jaarverslag T.O.D. 1919, bl. 149-150.
3) Ibid. 1922, bl. 97-100.

moet wel uit die omgewing geneem word, maar dit moet nie daar by bly nie; dit moet slegs die aanknopingspunt wees vir 'n breër opvoeding.[1)]

J.P. Botha het in sy 1923- verslag o.a. gesê:[2)] „Ek is oortuig daarvan dat ons, by al ons ywer vir onderwys en ma-nie vir eksamens, nie genoeg klem lê op opvoeding en opleiding nie." Sulke sake soos beleefdheid, skoonheid, netheid, spaarsaamheid e.a. deugde moes spesiale aandag in die skole ontvang.

> „Ons skole bied 'n onvergelyklike geleentheid aan om leerlinge teen die gevare wat hulle wag, en miskien reeds aanwesig is, te waarsku en die opvoeding daarop aan te stuur dat hulle gewapen word vir die stryd van die toekoms."
> En verder: „Ons skool moes minder penlekkers en meer produsente lewer."

Die invoering van landbou-onderwys het inskakeling by die lewe beoog, en die aanstelling van 'n inspekteur van landbou-onderwys (C.J. Blom) het baie daartoe bygedra om die doel te verwesenlik. In sy verslag oor 1925 het Blom die doel van landbou-onderwys as volg uiteengesit[3)]:

> „Landbou-onderwys is baie meer as 'n materiële bate, as vakopleiding. Dit is bo alles die opvoeding van die plaaskind in die omgewing waarin hy gebore is - die opvoeding wat hom gaandeweg sal leer om daardie omgewing in sy vernaamste aspekte te ken en lief te hê, om die verband tussen die omgewing en die buitewêreld te begryp, en sy eie plek in die omgewing te vind en om sy pligte as intellektueel en moreel ontwikkelde mens te verstaan en te vervul teenoor homself, sy med[illegible], sy vaderland en sy Skepper. In sy suiwerst[illegible] is landbou-onderwys kulturele, morele en vakkundige opvoeding, en die drie strekkings loop so vas inmekaar dat dit nie moontlik is om 'n duidelike lyn tussen hulle te trek nie."

Blom het verder ook melding gemaak van die bestaan van die Voorspoedsbond en die Mieliebouwedstryde. Die eersgenoemde het sy bestaan aan die Transvaalse Landbou-unie te danke gehad en die laasgenoemde aan die departement van Landbou. Albei was pogings om die doel, soos deur Blom uiteengesit, te verwesenlik.

Soortgelyke aanhalings kan vermenigvuldig word, maar genoeg is gesê om te toon hoe hoog sommige inspekteurs die

1) Brubacher, J.S.: Modern Philosophies of Education, bl. 264.
2) Jaarverslag T.O.D. 1923, bl. 131.
3) Ibid. 1925, bl. 86.

doel van opvoeding gestel het, en hoe ver ons onderwysstelsel vandag nog in menige opsig van daardie doel verwyderd is.

Die behoefte aan boekerye is deur baie inspekteurs beklemtoon, veral in hulle 1927-verslae.[1] Melding is ook gemaak van die feit dat alhoemeer onderwysers en liggame soos die Carnegie - biblioteek te Germiston hulle beywer het om in hierdie behoefte te voorsien.

(iv) Sentralisasie wat maar steeds in baie kringe 'n ideaal was, het gedurende hierdie tydperk heelwat aandag geniet en die inspekteurs het dikwels die saak aangeroer in hulle verslae, veral i.v.m. die baie klagtes oor die eenmanskole wat te veel klasse gehad het, en aan die hoof waarvan soms 'n onbevoegde onderwyser gestaan het.

In 1920 het Klooster en Ligertwood (Pretoria) gekla[2] dat daar uit 32 afsonderlike skole slegs 79 st. VI-kandidate aan die eksamens deelgeneem het. Twee-en-dertig onderwysers het a hulle beste kragte aan hierdie leerlinge gewy tot nadeel van die laer klasse. As hierdie leerlinge gesentraliseer was, kon drie, of hoogstens vier onderwysers hulle goed onderwys het.

Skoolraadsirkulêre no.1 van 1921, deur die departement uitgereik, het oor sentralisasie gehandel. Die skema hierin uiteengesit, was dat st. VI beperk moes word tot skole met meer as 3 onderwysers.[3] Gebrek aan fon[illegible]gter verhinder dat hierdie skema in werking gestel kon word. Verskeie inspekteurs het hulle uitgelaat ten gunste van sentralisasie.[4] J.G. de Vos het egter ook die praktiese moeilikhede beklemtoon. D.Linney het daarop gewys[5] dat, instede van te sentraliseer, die aantal eenmanskole eerder vermeerder het. Hierop het die direkteur geantwoord[6] dat dit nie die geval was nie; die aantal eenmanskole het gedurende 1921 met 3 gedaal, terwyl die aantal tweemanskole met 27 en driemanskole met 5 gestyg het. In 'n ver-

1) Jaarverslag T.O.D. 1927, bl. 95, 109, 112, 136, 148.
2) Ibid., 1920, bl. 154.
3) Ibid., 1921, bl. 102.
4) Ibid., 1921: Corbett, bl. 102; A.J. de Vos, bl. 106; J.G. de Vos, bl. 110; Stephen, bl. 140; D. Linney, bl. 124. Vgl. ook Ibid., 1923, bl. 110.
5) Ibid., bl. 124.
6) Ibid., bl. 9.

handeling oor die „Eenmanskool"[1] het Linney in 1922 die nadele van die eenmanskool opgenoem en wenke aan die hand gegee om dit tog meer doeltreffend te maak, aangesien dit miskien nog vir enige jare in stand sou bly. Hy het die totale afskaffing van die eenmanskool en die oprigting van groter skole voorgestaan.

## 3. INTERMEDIÊRE SKOLE.

In die jaarverslag van 1922 het die direkteur die oprigting van intermediêre skole aan die Rand en in Pretoria aangekondig[2] en die doel, die voordele en die organisasie van hierdie skole uiteengesit. Die skole was bedoel vir daardie leerlinge wat nie in staat was, of nie gewens het, om die matrikulasiekursus te neem nie maar wat tog iets meer as die laerskoolkursus verlang het. Die vakke sou in aantal en in omvang beperk word, soveel van die werk as moontlik sou prakties wees, en 'n spesiale poging sou aangewend word om inisiatief en selfvertroue te ontwikkel deur volgens die Dalton-stelsel te werk. Veel tyd sou aan groepaktiwiteite bestee word, spele, verenigings, sang, besoeke en uitstappies sou aangemoedig word, en 'n behoorlike proef geneem word met die idees van hervormers soos Dewey en Kerschensteiner.

In 1923 het die Randse inspekteurs die oprigting van sulke klasse aangekondig.[3] Die skole het egter nie na wens ontwikkel nie,[4] en wel om die volgende redes:

(i) Alleen die leerlinge wat op werk gewag het, het hulle bygewoon en dan vertrek sodra hulle werk gekry het, met die gevolg dat daar 'n gedurige verwisseling van leerlinge was.

(ii) Die klasse is in dieselfde geboue as die laerskole gehuisves. Hulle was dus geen selfstandige eenhede nie. Ingevolge die moderne demokratiese opvattings, kon hulle, as deel van 'n skool, geen volkome vryheid geniet terwyl die ander deel van die skool dit nie ook kon geniet nie.

(iii) Hulle het die neiging geopenbaar[5] om in vakopleiding te

1) Jaarverslag T.O.D. 1922, bl. 85.
2) Ibid., bl. 14-15.
3) Ibid. 1923, bl. 137, 153 en 163.
4) Ibid., bl. 50.
5) Ibid. 1924, bl. 18.

verval, wat hoegenaamd nie die bedoeling was nie. Die onderwysers was dus blykbaar nie opgewasse teen die rewolusionêre verandering van die „ou" na die „nuwe" skool nie en kon hulle vryheid, onbelemmerd deur eksamens, nie gebruik nie.
(iv) Die kursus is deur geen definitiewe sertifikaat beëindig nie.[1] Die kwessie of 'n eindeksamen, grotendeels gebaseer op die skoolrekord, afgeneem moes word, was toe in oorweging.

Teen die einde van 1925 is omsendbrief no. 93 deur die departement uitgestuur[2] i.v.m. die oprigting van meer intermediêre skole, maar om finansiële redes kon dit nie ten uitvoer gebring word nie.

Gedurende 1925 het C.J. Blom, die pas benoemde inspekteur van landbou-onderwys,[3] die provinsie deurreis om ondersoek in te stel na plekke waar sentralisasie teweeggebring kon word en 'n driejarige kursus met inbegrip van landbou-onderwys na st.V ingevoer kon word. In hierdie intermediêre skole op die platteland sou klem gelê word op 'n opvoedingstelsel wat aan die opvoedkundige behoeftes van die boerestand sou beantwoord, sonder om egter vir die kind die deur te sluit tot ander beroepe.[4] Sy bevinding was dat ongeveer honderd sulke skole vir die hele provinsie nodig sou wees. Sy skema is in besonderhede uiteengesit in die 1926-verslag[5].

In die stedelike gebiede kon daar eers aan die einde van 1927 van 'n mate van sukses melding gemaak word.[6] Veral het die skole op die Rand in 'n groot behoefte voorsien waar die verpligte st. van onderwys opgehef en deur 'n ouderdomsgrens van 15 jaar vervang is. Menige leerling moes nog 'n jaar of twee, drie op skool bly nadat hy die laerskoolkursus voltooi het. In verband hiermee het die inspekteurs van Rand-Sentraal gerapporteer[7] dat die aantal leerlinge wat die volledige kursus deurloop het, steeds toegeneem het. Die erkenning van die

1) Jaarverslag T.O.D. 1924, bl. 19.
2) Ibid. 1925, bl. 12.
3) Ibid., bl. 84.
4) Ibid., bl. 87.
5) Memorandum 5 in Jaarverslag 1926.
6) Jaarverslag T.O.D. 1927, bl. 9.
7) Ibid., bl. 96.

st. VIII Intermediêre sertifikaat deur die Staatsdienskommissie vir sekere poste in die staatsdiens, as gelykstaande met Vorm III, en die opmerklike vermeerdering van die aantal werkgewers wat seuns en meisies gevra het wat sts. VII en VIII deurloop het, het beteken dat druk op die ouer uitgeoefen is om sy kind op skool te hou tot hy die intermediêre skoolkursus deurloop het.

Op die platteland was die stelsel nog maar op sewe plekke in werking,[1] nl. te Groot Marico, Lotosdal, Elandsfontein (Potchefstroom), Amersfoort, Wakkerstroom, Dullstroom, en Delagersdrift. Uitbreiding was nog onmoontlik as gevolg van gebrek aan ondersteuning van die kant van skoolrade en die publiek oor die algemeen.[2] Die beswaar was vernaamlik[3] dat die leerlinge wat die intermediêre skoolkursus deurloop het, 'n ekstra jaar op hoërskool sou moes bly om die hoërskoolkursus te voltooi. Dat slegs 'n klein groepie ooit die hoërskool bereik het en die groot meerderheid aan hulle belange opgeoffer moes word, het ongemerk verbygegaan by die publiek. Die idee was dan ook so rewolusionêr dat die meeste onderwysers hulle nie daarby kon aanpas nie, soos hierbo aangetoon is; hoeveel te minder moes die oningewyde publiek [illegible] dit [illegible].

In 1927 het die Uitvoerende Komitee besluit om geen intermediêre skole meer te stig nie.[3] Geen nader rede vir hierdie stap is aangegee nie.

## 4. MIDDELBARE ONDERWYS.

### (a) Algemene Toestande.

(i) Skole. Uit die vorige hoofstuk het dit geblyk dat dit die beleid van die departement was om die aantal hoërskole uit te brei totdat die hele Transvaal van fasiliteite vir middelbare onderwys voorsien was. In 1918 was daar 20 hoërskole, en aan die einde van 1919 reeds 27, nl. 18 gewone, 1 tegniese, 3 preliminêre opleidingsentra vir onderwysers, 3 handelskole en 2

1) Jaarverslag T.O.D. 1927, bl. 9.
2) Ibid., bl. 75.
3) Ibid. 1919, bl. 22.

ambagskole. Slegs drie jaar tevore was daar altesaam 12. In 1919 is die minimum inskrywing vir 'n hoërskool tot 100 verhoog.[1]

Aan die einde van 1920 was daar 33 hoërskole[2] en in die begin van 1921 is nog 11 tot die rang van hoërskole bevorder.[3] Die aantal gewone hoërskole (uitgesonderd tegniese e.a.) was toe 33. Dit het, volgens Adamson,[3] gewys op 'n wyd verspreide uitbreiding van die beweging vir 'n langer skoollewe „wat een van die mees bevredigende verskynsels van resente opvoedkundige ontwikkeling is in hierdie provinsie." Dit was die uitdrukking van 'n meer verligte publieke opinie, wat outoriteite en ouers gedeel het.

Gedurende dieselfde tydperk het die aantal skole met middelbare afdelings ook toegeneem. In 1920 het die direkteur melding gemaak van die oprigting van 9 sulke skole.[4]

Die beleid om sulke skole in die lewe te roep, het Corbett sterk afgekeur.[5] Hy het dit as een van die grootste hinderpale vir die onderwys in die Transvaal beskou, omdat die hoof soveel tyd aan 'n handjievol sleg onderrigte leerlinge van die omliggende skole moes bestee om hulle die nuwe vakke te leer, dat die laer klasse onvermydelik daaronder moes ly. Hy het nie verduidelik waarom hy die leerlinge van die omliggende skole as „sleg onderrig" bestempel het nie, en dit was seker 'n ongeoorloofde veralgemening. Ook N. Hofmeyr het gemeen[6] dat in dorpskole waar sekondêre afdelings ontwikkel het, st. V en VI gewoonlik opgeoffer is in die belang van die hoër klasse.

Gedurende 1925 is die meeste industrie-, ambag- en huishoudskole aan die Unie-regering oorgedra, terwyl die res gedurende 1926 oorgedra sou word.[7] In 1925 was 5,524 leerlinge hierdeur geraak.

Teen hierdie skeiding van middelbare kursusse is ernstig beswaar gemaak van verskeie kante en dit was m.i. 'n verkeerde

1) Jaarverslag T.O.D. 1919, bl. 28.
2) Ibid. 1920, bl. 9.
3) Ibid., bl. 11.
4) Ibid., bl.11.
5) Ibid., 1919, bl. 112.
6) Ibid., bl. 124.
7) Ibid. 1925, bl. 5 en 9.

stap. In die tegniese skole moet skoolgeld betaal word, sodat baie leerlinge wat geen aanleg vir die tradisionele akademiese hoërskoolvakke het nie, tog soms die vry provinsiale hoërskole moet besoek, en dientengevolge op maatskaplike mislukkings uitloop. In Amerika is die neiging juis[1] om in elke hoërskool 'n groot verskeidenheid vakke in te voer, insluitende handels, tegniese, industriële e.a. vakke, om sodoende geen onderskeid tussen leerlinge te maak nie en tog in elkeen se behoeftes te voorsien.

(ii) Leerlinge. Met die geweldige uitbreiding van fasiliteite vir middelbare onderwys, kan dit verwag word dat die aantal leerlinge dienooreenkomstig vermeerder het. Die volgende tabel toon die posisie van jaar tot jaar.

Tabel XV. Gemiddelde Inskrywing in Middelbare Skole in die Transvaal vanaf 1918 tot 1927.[2]

| 1918 | 1919 | 1920 | 1921 | 1922 | 1923 | 1924 | 1925 | 1926 | 1927 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3941 | 4854 | 5666 | 7195 | 8764 | 10078 | 11845 | 11529 | 10832 | 11425 |

Die daling in die syfers vir die jare 1925 en daarna moet toegeskryf word aan die oordrag van die tegniese skole aan die Unie-onderwysdepartement. Volgens die tabel skyn die verlies nie so groot nie, maar dit is veroorsaak deurdat st. VI-leerlinge in middelbare skole vanaf 1925 by die middelbare syfers gereken is, terwyl alle st. VI-leerlinge tevore by die laerskoolsyfers gereken was.[3]

Tussen 1918 en 1924 (d.w.s. voor die oordrag van tegniese skole en voordat st. VI-leerlinge by die syfers vir middelbare skole getel is), in die loop van slegs 6 jaar, het die aantal middelbare skoolleerlinge met ruim 200% gestyg, wat voorwaar 'n prestasie was.

(iii) Die Werk wat in die hoërskole gedoen is, was volgens

1) Thompson, R.F.F. in Transvaal Educl. News, Junie 1939, bl.7.
2) Jaarverslag T.O.D. 1927, bl. 37.
3) Ibid. 1925, bl. 6.

'n uitvoerige inspeksieverslag van A.J. de Vos in 1927[1], veral daarop gerig om te voorsien in die behoeftes van die leerlinge wat later universiteit-toe sou gaan, en tog het slegs 'n klein persentasie van alle leerlinge ooit die universiteit bereik. De Vos het as volg geredeneer:

„Volgens die syfers van 1927 het 3,400 van die 11,300 leerlinge in st. VI (of vorm I) vorm II bereik en het 823 die vyfjarige kursus deurloop. Hiervan het slegs omtrent 300 die universiteit bereik. Om van ons 40 akademiese hoërskole leerlinge uit te sluit wat hoogswaarskynlik nie na die universiteit sal gaan nie, is dus ondenkbaar. Die beskikbare leerlinge sou nie voldoende wees om meer as tien hoërskole van een klas elk te voorsien nie en twee of drie van ons groter inrigtings sou in staat wees om hulle almal op te neem.

Ongetwyfeld voldoen die bestaande kurrikulum, alhoewel hoofsaaklik ontwerp uit die oogpunt van die spesiale behoeftes van 'n universiteitskursus, in sekere mate aan die eise van 'n algemene kulturele kursus, ook vir die 3,000 en meer leerlinge wat die universiteit nie bereik nie; maar dit is seker te betreur dat die kurrikulum nie oorspronklik in die eerste plaas ontwerp is om in die behoeftes van die grootste gedeelte van die leerlinge te voorsien nie, en daarna, waar nodig, gewysig is om ook te voorsien in die behoeftes van die klein hoewel belangrike minderheid van die 300 wat na die universiteit gaan."

En weer:

„As verskillende tipes leerlinge in dieselfde skool onderwys moet word, volg dit natuurlik dat daar meer wisselvakke nodig sal wees, sodat die bestaande alternatiewes in die teenswoordige voorbereidende kursus vir die universiteit tot 'n minimum beperk sal moet word. .............. Of egter die teenswoordige kursus so verander word of nie, skyn dit tog baie nodig dat alle middelbare skole voorsiening sal maak vir:

(i) die ontwikkeling van 'n waardering van kuns, met 'n begrip van teken en musiek,
(ii) liggaamsoefening, en
(iii) handearbeid,

buite en behalwe die ses matrikulasievakke, ongeveer soos reeds deur die ouer hoërskole in Pretoria en op die Rand gedoen word. ........ Hulle (die nuwer hoërskole op die platteland) is geneig om hulle werk te uitsluitend te beperk tot die voorbereiding van leerlinge in die ses vakke wat vir die matrikulasie-vrystellingsertifikaat geëis word."

M.a.w. die regte volgorde is [illegible] dat die eksamen die leerplan voorgeskryf het instede van daardeur voorgeskryf te word.[2]

Reeds in 1921 het die Transvaalse Onderwysdepartement sy eie Middelbare Skoolsertifikaateksamen ingestel[3] in die plek

1) Jaarverslag T.O.D. 1927, bl. 65-66.
2) The School World, April 1917, bl. 130.
3) Kyk bl. 217 infra.

van matrikulasie, om sodoende van die euwels van die eksamenstelsel te probeer ontslae raak. Volgens die bogaande verslag van de Vos skyn dit egter of, na ses jaar, die eksamen nog in die meeste skole oorheersend was, en of die M.S.S.E. ook maar die oog gehou het op die behoeftes van diegene wat universiteittoe sou gaan. In hierdie opsig was daar dus blykbaar geen verbetering nie. In ander opsigte was die instelling van die M.S.S.E. wel 'n verbetering, soos uit 'n later paragraaf sal blyk.

Die jare 1926 en 1927 was jare van verandering en verwarring en in sekere mate van onsekerheid vir middelbare skole. De Vos het gemeld[1] dat daar op elke inspekteurskonferensie hersiene sillabusse behandel is, hoofsaaklik as gevolg van die oprigting van intermediêre skole. Hierbenewens moes hoërskole op die platteland voorsiening maak vir die instelling van Vorm I, wat hulle daarna weer moes opgee.[1] Tenspyte van hierdie verwarrende omstandighede was die meeste hoërskole in staat om met ywer ongesteurd met hulle werk aan te gaan.

(iv) Afrikaans het spoedig ook in die hoërskole Nederlands begin verdring. Clarke, inspekteur van middelbare onderwys, het reeds in 1919 die aandag gevestig[2] op die toenemende wens op sommige sentra om Afrikaans in te voer, nie alleen as medium van onderrig nie, maar ook as taal, en in sommige gevalle as medium in die plek van Engels. Die groot beswaar was egter nog die gebrek aan leerboeke.

In die begin van 1920 is die Afrikaansmedium-hoërskool te Pretoria tot die eerste skedule van wet no. 25 van 1907 toegevoeg.[3] Dit is die eerste hoërskool met Afrikaans as medium waarvan in offisiële stukke melding gemaak is.

Aan die einde van 1922 was die posisie so dat[4] sommige hoërskole nog Nederlands gebruik het tot selfs so laag as Vorm II terwyl ander verskeie jare al Afrikaans in Vorm V

1) Jaarverslag T.O.D. 1927, bl. 67-68.
2) Ibid. 1919, bl. 86.
3) Prov. Kt. no. 530 van 4/2/20, bl. 55, Adm. Kennisg. no. 3.
4) Jaarverslag T.O.D. 1922, bl. 64.

gebruik het. Ligertwood en de Vos, wat in 1921 inspekteurs van middelbare onderwys geword het, het dan ook aanbeveel dat die invoering van Afrikaans verhaas moes word sodat Nederlands as 'n vak finaal deur Afrikaans vervang sou word in Januarie 1924. Selfs in die geval van Engelssprekende leerlinge wat voorheen Nederlands geleer het, was die invoering van Afrikaans voordelig vanaf die eerste jaar, en in die geval van Afrikaanssprekende leerlinge was die peil al spoedig so bevredigend dat 'n groot aantal skole meer tyd aan die onderrig van Engels kon toewys.

Aanvanklik het die ouers van Engelssprekende kinders nie hulle goedkeuring aan Afrikaans wou heg nie[1] maar langsamerhand het Afrikaans die vooroordeel oorwin en in algemene guns geraak. Die leerlinge self het dit oor die algemeen dadelik verwelkom. Op verreweg die meeste hoërskole was die onderrig in Afrikaans bevredigend, volgens de Vos se rapporte van 1923[1] en 1925[2]. In 1927 is die saak nie deur hom aangeroer nie, wat wel geïnterpreteer kan word as menende dat Afrikaans toe reeds goed ingeburger was.

In die verslag oor die M.S.S.E., trap II, 1925, is i.v.m. Afrikaans A gesê[3]: „Die nasien van die antwoordeboeke was ons 'n louter genot: so'n verrassende oorspronklikheid van behandeling en selfstandigheid van oordeel op byna elke bladsy." Oor trap I se Afrikaans A is in 1927 gerapporteer[4] : „Die gehalte van die werk was oor die algemeen baie bevredigend, en die peil bereik was taamlik hoog in sommige gevalle." Hierdie onuitgesoekte aanhalings is voldoende om die goeie peil wat bereik is, aan te toon.

(b) Inspekteurs en Inspeksie.

(i) Inspekteurs. In 1918 was W.E.C. Clarke nog inspekteur van middelbare onderwys. Met die geweldige uitbreiding van hierdie soort onderwys was dit nodig om 'n tweede inspekteur aan

1) Jaarverslag T.O.D. 1923, bl. 96.
2) Ibid. 1925, bl. 76.
3) Ibid., bl. 192.
4) Ibid. 1927, bl. 182.

te stel. Tot aan die einde van 1919 het dit die departement nog nie geluk om iemand vir hierdie pos te kry nie[1].

In 1920 was die inspeksie van middelbare skole feitlik heeltemal opgeskort omdat nog geen tweede inspekteur verkry kon word nie en Clarke as direkteur moes waarneem solank as Adamson met verlof was.[2] Dr. N.M. Hoogenhout, hoof van die Pretoriase Normaalkollege, het gehelp deur die mondelinge eksamen van Vorm IV af te neem. Die verdere groei van die middelbare stelsel het die moeilikheid nog verhoog.

Ook die inspeksie van tegniese hoërskole is in 1920 opgeskort omdat W.J. Horne as hoof van die ambagskool te Johannesburg moes optree, daar die departement geen hoof kon kry nie. „Aan alle kante sien 'n mens die gevolge van onvoldoende persone bevoeg vir middelbare werk, hetsy onderwys of inspeksie."[3]

Aan die einde van 1921 het Clarke bedank nadat hy tien jaar lank inspekteur van middelbare onderwys was[4]. By sy uitdienstreding is die inspeksie van middelbare skole gereorganiseer. „Hulle het veel te talryk geword vir een persoon om te besoek, selfs vir roetinewerk en organisasie, inspeksie heeltemal buite beskouing latende", was die mening van die direkteur. Aangesien die groot meerderheid van die hoërskole toe reeds Afrikaans as voertaal gebruik het, moes die inspekteurs alle vakke in albei media kan ondersoek.

Al hierdie faktore het volgens die direkteur duidelik op sekere hervormings gewys[5].

> „Twee inspekteurs moet al hulle tyd aan die middelbare skole wy, terwyl die middelbare afdelings aan die distriksinspekteur oorgelaat word. F.C. Ligertwood en A.J. de Vos is gekies. Die kwalifikasies van eersgenoemde aan die letterkundige en humanistiese kant en die van laasgenoemde wetenskaplik en wiskundig, vul mekaar aan en hulle het tesame 'n grondige kennis van 'n groot aantal vakke. Albei is tweetalig in die volste sin van die woord, sodat mediumkwessies weinig moeilikheid aanbied."

In 1925 het Ligertwood as inspekteur van middelbare skole bedank[6], en dit het die kwessie van die organisasie

1) Jaarverslag T.O.D. 1919, bl. 12.
2) Ibid. 1920, bl. 15.
3) Ibid., bl. 16.
4) Ibid. 1921, bl. 16.
5) Ibid., bl. 17.
6) Ibid. 1925, bl. 21.

van die inspekteurspersoneel opnuut ter sprake gebring. Na ernstige oorweging is daar besluit om die twee grade van die inspekteurspersoneel te kombineer, maar om die pos van spesiale inspekteur van middelbare onderwys te behou. A.J. de Vos het in hierdie pos aangebly. In 1927 was dit nog die posisie.

(ii) <u>Inspeksie</u>. In 1919 en 1920 moes hoërskole jaarliks geïnspekteer word, hoewel die inspeksie in 1920 grootliks agterweë gebly het, soos reeds aangetoon.

In 1920 het Clarke 'n verandering voorgestel[1] nl. dat middelbare skole van tyd tot tyd deur 'n kommissie van deskundiges in die verskillende vakke besoek en deeglik geïnspekteer moes word. Het so'n inspeksie bevredigend geblyk, moes so'n skool eers weer na verloop van drie of vier jaar geïnspekteer word. Om die administratiewe sy van die onderwys te behartig, moes daar 'n spesiale amptenaar aangestel word wat voorsitter van die inspeksiekommissie moes wees en wat al die masjinerie en werking van die M.S.K.E. moes kontroleer.

Op hierdie voorstel is egter nie ingegaan toe die inspeksiestelsel in 1921 hersien is nie. Volgens die nuwe stelsel[2] sou die twee nuut-benoemde inspekteurs vir middelbare onderwys elke hoërskool elke twee jaar inspekteer, en aan hierdie inspeksie sou die distriksinspekteur deelneem.

Groot waarde is aan hierdie maatreëls van reorganisasie geheg. Volgens die direkteur[2] was dit nie die bedoeling

> „dat toesig en inspeksie sal ontwikkel in soiets as inkwisisie nie. Die vryheid en verantwoordelikheid van die hoofde en onderwysers van die hoërskole moet in alle opsigte gerespekteer word. Daar moet nie na dooie eenvormigheid gestreef word nie. Professionele inisiatief en **verskeidenheid** van uitoefening **moet** op alle maniere aangemoedig word. Maar baie van die onderwysers van ons hoërskole is jonk en onervare. Op hulle werk kan die opbouende en vormende kritiek van manne met groter professionele ervaring met voordeel toegepas word. ...... Dit word met vertroue verwag dat die assosiasie van die distriksinspekteurs met die inspekteurs van middelbare onderwys 'n indirekte weldadige invloed op die laerskole sal hê. .......... Sy status in sy distrik sal bowedien verhoog word aangesien hy voortaan deel sal neem aan die <u>inspeksie van die belangrikste skole van sy inspeksiekring.</u>

1) Jaarverslag T.O.D. 1920, bl. 18.
2) Ibid. 1921, bl. 17.

Nadat die nuwe stelsel 'n jaar in werking was, kon die direkteur meld dat dit baie bevredigend gewerk het, en Ligertwood en de Vos het dit beaam.[1]

Op die inspekteurskonferensie van Desember 1923 is daar aanbevelings voorgelê[2] wat die inspeksie van hoër sowel as laer onderwys in die hande van inspeksierade, bestaande uit distriksinspekteurs met byvoeging van Ligertwood en de Vos, wou plaas. Hierdeur sou lg. twee se verantwoordelikheid aanmerklik verminder word, so selfs dat hulle geen middelbare inspekteurs meer sou wees nie.

Aangesien die Uitvoerende Komitee die voorstel nie aanvaar het nie[3], hoef daar nie verder op ingegaan te word nie, maar dit is duidelik dat die distriksinspekteurs nie daarmee gediend was om wat hulle as 'n onderhorige posisie by die inspeksie van hoërskole beskou het, te beklee nie – die ander twee was immers vakmanne en ervare in die inspeksie van middelbare skole, en daarteenoor kon hulle hul maklik minderwaardig voel.

Van die kant van hoërskoolonderwysers is weer ernstig beswaar gemaak selfs teen die deelname van die distriksinspekteurs aan die inspeksie van hoërskole. In die Kwartaalblad vir Desember 1924 het daar twee artikels verskyn[4], een van die redaksie en een van M. om hierteen beswaar te maak. In Junie 1926[5] het W.G.A.M. weer sy ontevredenheid oor die prosedure uitgespreek. De Vos was toe alleen inspekteur van middelbare onderwys en moes bygestaan word deur die distriksinspekteurs wat in baie vakke geen deskundiges was nie en tog die onderwysers gekritiseer het. Wat sou gebeur, het hy gevra, indien de Vos sou aftree?

Die ou stelsel het dus bly voortbestaan, ook na die bedanking van Ligertwood, en was in 1927 nog in swang.

1) Jaarverslag T.O.D. 1922, bl. 13 en 61.
2) Ibid. 1923, bl. 29.
3) Ibid., bl. 31.
4) Kwartaalblad vir Middelbare skole, Des. 1924, bl. 4 en 25.
5) Ibid. Junie 1926, bl. 35.

(c) Eksamens. Die Middelbare Skoolsertifikaateksamen.

(i) Instelling. Hoewel die instelling van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad in 1918 die hoërskoolonderwysers 'n mate van verteenwoordiging gegee het op die liggaam wat hulle leerlinge geëksamineer het, was die eksamen in sy geheel nog ekstern, en hierdie stap het geeneen van die moeilikhede wat in die vorige hoofstuk aangehaal is, opgelos nie.

Al dadelik is daar geagiteer vir die instelling van 'n eksamen, afgeneem deur die departement self met behulp van sy onderwysers en nie deur die universiteite nie. Reeds op die vergadering van die Matrikulasieraad, gehou in Januarie 1919, het Adamson wat ook voorsitter van die Raad was, voorgestel[1] dat die Transvaalse departement sy eie eindeksamen moes kan afneem wat as gelykwaardig met die matrikulasie-eksamen beskou moes wor en vrystelling daarvan moes verleen. Dit was die uitdruklike voorwaarde, anders kon die skema nie in werking gestel word nie. Dit moes, m.a.w., toegang tot die universiteite verleen.

Die Raad was ten gunste van so'n skema maar wou dit nie aanvaar alvorens soortgelyke skemas ook deur die ander provinsies opgestel was nie. Die Kaapse onderwysdepartement was toe reeds met 'n dergelike skema besig.

Ook in die Kaapprovinsie is daar sterk deur die onderwysers geagiteer teen die matrikulasie-eksamen en vir die instelling van 'n departementele eksamen. „Daar moet iets verkeerd wees met 'n stelsel, as daar van jaar tot jaar byna 40% van die kandidate in een onderwerp druip."[2] Volgens die skrywer se sienswyse het die professore probeer om net die keur, die room van die studente, te kry om sodoende hulle werk te vergemaklik. Talle ander artikels[3] het in De Unie verskyn voordat uiteindelik ook die Kaap sy eie M.S.S.E. ingestel gekry het.

Clarke was ook heelhartig ten gunste van die skema[4]. Hy het beweer dat dit slegs die toepassing was van 'n plan wat

1) Jaarverslag T.O.D. 1919, bl. 30.
2) De Unie, 1 Sept. 1919, bl. 73, onderteken deur C.H.S.
3) Ibid. Jan. 1921, bl. 182; Feb. 1921, bl. 13; Mrt. 1921, bl. 242, en verder elke uitgawe van 1921.
4) Jaarverslag T.O.D. 1919, bl. 87.

reeds in ander lande met sukses bekroon was, veral in Skotland, waar verreweg die meeste studente wat na 'n universiteit gaan, die skooleindsertifikaat besit het en nie die matrikulasie-sertifikaat nie. Die voordele van die skema was kortliks dat die jaar se werk van 'n leerling in aanmerking geneem sou word wat 'n sterk dissiplinêre wapen in die hande van die onderwysers sou wees; dat die vrae nie die een jaar te moeilik en die volgende jaar te maklik sou wees nie, soos in die geval van die eksterne eksaminator wat nie in aanraking met die werk van die leerlinge gekom het nie; dat swak leerlinge nie sou slaag terwyl bekwameres afgewys word nie. Dat hierdie skone verwagtings tog nie ten volle verwesenlik geword is nie, het reeds hierbo geblyk[1] en sal later nog verder blyk.

Die Transvaalse Onderwyskommissie, aangestel in 1917, het ook in sy verslag klem gelê[2] op die nadelige invloed van eksterne eksamens, veral die matrikulasie, op die liefde vir kennis en vir ondersoek. Ook op die ander nadele van die eksamen is gewys en die opsomming toon baie ooreenkoms met die besware soos in die vorige hoofstuk uiteengesit.

In 1920 kon die direkteur die gunstige mededeling doen[3] dat die Gemeenskaplike Raad die departement se skema aanvaar het as in alle opsigte gelykstaande met die matrikulasie-sertifikaat.

(ii) <u>Die Doeleindes</u> van die skema was, volgens Adamson, om die leerlinge te laat eksamineer deur persone wat daagliks in aanraking met hulle gekom het en hulle kragte geken het; om die eksamen oor twee jaar te sprei, nl. trappe I en II; om die skema meer rekbaar en minder stram te maak sodat 'n skool en 'n onderwyser meer ruimte vir 'n sekere mate van individualiteit kon vind; om die omvang van die finale eksamen te beperk en tegelyk die peil daarvan te verhoog; en - altemit die belangrikste van alles - om rekening te hou met die werk wat

---

1) Kyk bl. 210 supra.
2) Verslag van die Transvaalse Onderwyskommissie T.P.1/1920, bl. 25 e.v.
3) Jaarverslag T.O.D. 1920, bl. 52.

die leerling in die loop van die jaar gelewer het en so die leerling aan te spoor tot gestadige en aanhoudende vlyt, i.p.v. spasmodiese inspanning en kennis inpomp.

Clarke was van mening[1] dat hierdie stap die skoolwerk dwarsdeur die jaar sou verbeter en in 'n groot mate die gevoel van sonuweeagtigheid by 'n leerling sou verwyder wat ontstaan het by die gedagte dat sy lot van 'n inspannende week van matrikulasie-eksamen afgehang het. Vir die departement sou dit tewens moontlik wees om 'n baie volledige skatting te vorm van die toestand van alle middelbare skole wat betref die twee hoogste vorms.

In die Kwartaalblad vir Middelbare Skole se eerste uitgawe van Maart 1921 het Clarke die ontstaan van die M.S.S.E. uiteengesit en ook daarop gewys dat dit 'n navolging van die Skotse stelsel was. Hierop het J.C.C. in die Kristelike Skoolblad geskryf[2]:

> „Hier het ons dus alweer 'n ingevoerde ding a la Skotland. Wanneer kom die dag dat ons in der waarheid eg Suid-Afrikaans sal word, wanneer alles uit eie bodem na eie aard en volkskarakter sal ontstaan?"

(iii) Prosedure. Die eksamen het in 1921 in volle werking gekom[3]. Die eerste trap van die eksamen (Vorm IV) is in 1920 afgeneem, en in 1921 het die Vorm V-leerlinge vir die eerste keer die toets (trap II) i.p.v. die matrikulasie-eksamen geskryf. Die kenmerke van die eksamen en die prosedure wat gevolg is, is in besonderhede deur Adamson uiteengesit[4]. Die skoolrekord sou vir een-derde van die punte in elke vak tel en die skatting moes deur die hoof in oorleg met sy personeel gemaak word. As die gemiddelde aantal punte in 'n vak nie binne tien persent van die eksamenpunte was nie, moes dit dienooreenkomstig verhoog of verlaag word.

Die eksaminatore sou deur die departement benoem word, en sorg kon dus gedra word dat persone gekies word wat nie

1) Jaarverslag T.O.D. 1920, bl. 118.
2) Die Kristelike Skoolblad, Junie 1921, bl. 14.
3) Jaarverslag T.O.D. 1921, bl. 21.
4) Ibid., bl. 21-23.

alleen doeglike kennis van spesiale vakke besit het nie, maar ook kennis van die vermoëns van leerlinge van middelbare skole Pogings sou aangewend word om twee eksaminatore in elke vak te benoem, en, vir sover moontlik, een uit die universiteit en een uit die geledere van hoërskoolonderwysers te kies.

'n Raad van Moderatore is deur die departement benoem om alle eksamenpapiere te modereer, d.w.s. om hulle na te sien en hulle aan die eksaminatore terug te stuur vir wysiging indien nodig.

Die Matrikulasieraad het 'n baie reële en grondige kontrole oor die eksamen uitgeoefen. In die eerste plaas moes elke vraestel deur die Raad se individuele moderatore goedgekeur word nadat dit deur die departement se Raad goedgekeur is. Daarna is 'n aanmerklike aantal antwoorde van kandidate deur die Gemeenskaplike Raad in Kaapstad nagesien en die resultate gewysig alvorens die uitslae gepubliseer is. Adamson het verder gesê:

„Die aantal geslaagde kandidate (in 1921) was ietwat laer as by die matrikulasie-eksamen self, wat in my opinie nie 'n slegte ding is nie. Dit is bowe-al essensieël dat die nuwe skema die publieke vertroue kry. Dit sal nie gedoen word deur verlaging van die peil nie. Die uiteindelike doel is 'n skema wat sal verseker dat die middelbare kursus op suiwer wetenskaplike lyne voortgaan en sy toppunt bereik in die hoogste peil wat bereik kan word.'

In 1922 is 65% van die kandidate deur die Transvaalse eksaminatore deurgelaat, maar as gevolg van die kontrole deur die G.M.R. uitgeoefen, is die persentasie tot benede 60% verminder. Die Raad het egter die direkteur gemagtig om die skema van konsiderasie toe te pas wat in die matrikulasie-eksamen gevolg word, en daardeur is die persentasie tot 69,5 verhoog.[1)]

Wat die werking van die skoolrekord betref, is die klagte gewoonlik gehoor dat die punte deur die skole ingestuur, te hoog was, en dan tot binne die vereiste 10% gebring moes word. Nadat die skema enige jare in werking was, het ook hierin verbetering gekom. Die grootste afwykings het voorgekom in die geval van kleiner skole of in vakke waarvoor daar slegs

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1922, Bylae V, bl. xii-xiv.

'n klein aantal kandidate was. As gevolg van die inagneming van die skoolrekord het daar in 1922 soveel as 63 kandidate, of 12.3%, geslaag ofskoon hulle in die eksamen gedruip het.

Die departement het gevind dat die skoolrekordpunte in die meeste gevalle gebaseer was op eksamens wat gedurende en op die end van kwartale afgeneem is.[1] Die direkteur het gesê:

> „Die klaswerk van die leerlinge en hulle verdienstes soos die deur klasonderwysers gewaardeer word, het blykbaar nie die vereiste invloed op die rekord wat vir die eksamen ingedien word nie. Die departement neem die eksamen af, maar as die skole ook 'n aantal eksamens afneem om die skoolrekordpunte vas te stel, word die doel van die skoolrekordpunte verydel. Gevolglik moet skoolwaarderings voortaan hoofsaaklik berus op die onderwyser se persoonlike waardering van die leerling wat gebaseer is op die jaar se werk in die klas. As dit gewens word om eksamenpunte te gebruik i.v.m. die skoolrekord, dan behoort net die Junie-eksamen in aanmerking geneem te word."

(iv) <u>Mondelinge Eksamen</u>. 'n Belangrike verbetering op die matrikulasie-eksamen was die afneem van mondelinge eksamens in moderne tale vir die twee trappe van die M.S.S.E. Die mondelinge eksamens is deur die inspekteurs van middelbare onderwys gedurende die laaste helfte van die jaar afgeneem.[2] Aandag is dus bestee aan een van die moeilikste, maar wat moderne tale betref die noodsaaklikste, aspekte van die taal, nl. die mondelinge gebruik daarvan.

Die belangrikheid hiervan is nog verder verhoog deur die besluit van die departement om vanaf 1927 'n groter aantal punte toe te ken vir bekwaamheid in mondelinge werk as voorheen.[3]

(v) <u>Indeling van Punte</u>. Vanaf 1927 sou die verdeling van punte as volg wees:

<u>Eerste Trap</u>.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hoër Graad: | (a) | Skriftelike eksamen ........ | 240 punte. |
| | (b) | Skoolrekord ................. | 120 punte. |
| | (c) | Mondelinge werk ............ | 90 punte. |
| | | Totaal ............ | 450 punte. |

Laer Graad: (a) 160, (b) 80, (c) 60. Totaal 300 punte.

1) T.O.D. Omsendbrief no. 19 van Feb. 1927, bl. 4.
2) Jaarverslag T.O.D. 1922, bl. 60.
3) T.O.D. Omsendbrief no. 20 van April 1927, bl. 2-3.

Tweede Trap.

Hoër Graad: (a) Skriftelike eksamen ..........................................360 punte

(b) Mondelinge eksamen......................................50 punte

(c) Skoolrekord (1) Vak-rekord .180 punte.

(2) Rekord vir mondelinge werk . 45 punte.

Totaal .........675 punte.

Laer Graad: 240, 60, 120, 30. Totaal .......450 punte.

Die mondelinge eksamen vir trap I is in sy geheel deur die skool self afgeneem, maar die departement kon die punte verminder of vermeerder. Vir praat is die helfte van die punte toegeken en vir lees en resitasie die res. Die mondelinge eksamen vir trap II is gedeeltelik deur die skool, maar vir 'n dubbel deel deur 'n eksaminator van die departement afgeneem, soos uit die indeling van punte hierbo blyk.

Vanaf 1926 is simbole gebruik[1)] om die groottotale in die M.S,S.E., trappe I en II, aan te dui, nl.

A vir meer as 79%.
B vir 70 tot 79%.
C vir 60 tot 69%.
D vir 50 tot 59%.
E vir 40 tot 49%.
F vir $33\frac{1}{3}$ tot 39%.
G vir minder as $33\frac{1}{3}$%.

(vi) Trap I verpligtend. Die departement was baie beslis dat alle leerlinge in Vorm IV die eerste trap van die M.S.S.E. moes aflê. In een enkele omsendbrief[2)] is hierdie punt sterk beklemtoon op twee verskillende plekke. As 'n leerling nie aan hierdie eksamen deelgeneem het nie maar 'n eksamen afgelê het wat deur 'n eksaminerende liggaam buite die departement afgeneem is, sou hy (of sy) nie weer aan 'n skool onder die departement toegelaat word sonder toestemming van die departement nie. Waarskynlik is hier bedoel die Juniorsertifikaat-eksamen van die G.M.R.

Die departement het die trap I-eksamen as baie belangrik

1) E.O.D. Omsendbrief no. 9 van 30/6/25, bl. 3, en nader uiteengesit in no. 17 van Okt. 1926, bl. 2.
2) Ibid. no. 5 van 30/6/24, bl. 11 en 19.

beskou as 'n siftingseksamen om swak kandidate te verwyder uit Vorm V.[4] Dit is dan ook deur die direkteur aangegee as een van die redes waarom die eksamenuitslae van die M.S.S.E., trap II, gunstiger as die uitslae van die matrikulasie-eksamen behoort te gewees het.[1]

(vii) Besware teen die Skema. Hiermee is daar dus 'n dubbele versperring opgewerp voordat 'n leerling universiteit-toe kon gaan en hierteen het W.D. Brink te velde getrek in twee artikels, een in 1923 in die Kwartaalblad vir Middelbare Onderwys[2] en een in die Kristelike Skoolblad twee jaar later[3]. In die lg. veral het hy o.a. die volgende feite beklemtoon: 'n Nuwe blokhuis is opgerig, en dit in 'n land wat alreeds holrug gery is deur eksamens. Die sillabusse was nog meer volgeprop as die van matriek. As daar 60% van die kandidate deur trap I kom en 60% deur trap II, kom daar in werklikheid slegs ongeveer 36% van alle kandidate deur, wat veel minder is as in die G.M.R. se eksamen waar daar geen siftingseksamen is nie en waar honderde privaat studente elke jaar toegelaat word van allerlei gehalte en bekwaamheid.

In die Kwartaalblad het ook dikwels artikels verskyn oor die Matriek- (die T.M.S.S.E. is ook genoem die Transvaalse matriek) eksamen en dikwels is wysigings aan die hand gedoen[4], egter sonder gevolg. Die groot beswaar was dat die T.M.S.S.E ondergeskik was aan die G.M.Raad. Die hoogtepunt is bereik toe die V.O.T.M.S.-kongres te Potchefstroom in 1924 besluit het[5]:

> „That the T.E.D. be requested to do everything in its power to free itself as soon as possible from the retarding and tyrannical interference of the Joint Matriculation Board as regards the Secondary School Certificate."

Die T.O.D. het egter geantwoord:

> „The Department dissociates itself entirely from the views expressed in this resolution and would point out that

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1922, Bylae V, bl. xii.
2) Des. 1923, bl. 22.
3) Des. 1925, bl. 17-19.
4) Des. 1923, Maart 1924.
5) Kwartaalblad vir Middelbare Skole, Maart 1925, bl. 25.

unless the Secondary School Certificate Examination satisfies the requirements for exemption from Matriculation, it will cease to be acceptable either to parents or to the public."

Die departement was dus vasbeslote om die konneksie te handhaaf, en die G.M.R. het so sterk gestaan dat hy sy voorwaardes op die departement kon afdwing. „The Joint Matriculation Board is firmly entrenched in its legal power and is quite indisposed to make the smallest concession to us," het 'n moderator van die M.S.S.E., 'n vooraanstaande opvoedkundige, die posisie in 1925 beskryf.[1)]

(viii) Eksamenuitslae. Dit is nog nodig om te let op die eksamenuitslae alvorens van hierdie onderwerp afgestap word. Die volgende tabelle stel die gegewens vir elke jaar voor.:

Tabel XVI. Aantal kandidate en % geslaag in Vorm IV in die Transvaal vanaf 1918 tot 1927.[2)]

| | Skoolsertifikaat eksamen. | | T.M.S.S.E. Trap I. | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1918 | 1919 | 1920 6 | 1921 | 1922 | 1923 | 1924 | 1925 | 1926 | 1927 |
| Aantal Kandidate | 372 | 586 | 882 | 1173 | 1495 | 1826 | 1739 | 1723 | 1520 | 1594 |
| % Geslaag. | 83.3 | 69.7 | 58.8 | 51.6 | 60.4 | 60.7 | 65.7 | 70 | 62.3 | 70.1 |

Tabel XVII. Aantal kandidate en % geslaag in Vorm V in die Transvaal vanaf 1918 tot 1927.[2)]

| | 1918 | 1919 | 1920 | 1921 | 1922 | 1923 | 1924 | 1925 | 1926 | 1927 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal geslaag in Matriek. | 209 | 233 | 240 | 65 | | | | | | |
| Aantal Kandidate M.S.S.E. | | | | 529 | 735 | 1056 | 1201 | 1172 | 1219 | 1011 |
| % Geslaag. | | | | 60.5 | 69.5 | 53.1 | 54.7 | 64.1 | 63.2 | 65.8 |

1) Kwartaalblad vir Mid. Skole, Sept. 1925, bl. 5.
2) Syfers ontleen aan die verskillende jaarverslae van die T.O.D. Die aantal kandidate vir Vorm V is, waar nie in die jaarverslae aangegee nie, bereken deur die aantal kandidate wat Engels A en die wat Engels B geneem het, bymekaar te tel. Die werklike aantal mag soms wel ietwat groter gewees het as daar kandidate was wat nie Engels geneem het nie, maar dit is baie onwaarskynlik.

Uit die tabelle blyk dit dat die persentasies wat geslaag het, nog grootliks geskommel het van jaar tot jaar. Daar is 'n verskil van ruim 16% tussen 1922 en 1923 in Trap II, en hoewel Adamson hom van die saak afmaak deur dit „'n slegte jaar" te noem,[1] het hy versuim om te sê in watter opsig die jaar slegter was as die vorige, of die onderrig swakker was, of die leerlinge luier of dommer, of die eksamenvrae moeiliker. Laasgenoemde was seker die geval aangesien die vorige twee faktore minder onderhewig is aan skommeling in twee agtereenvolgende jare waar so 'n groot aantal leerlinge en onderwysers daarby betrokke is. Nadat nog meer ondervinding met die skema opgedoen is, het die persentasies vir 1925, 1926 en 1927 betreklik konstant gebly.

In 1925 is die Transvaalse eksaminatore, volgens 'n mededeling in die Kwartaalblad vir Middelbare Skole, deur die T.O.D. opgedra[3] „that the papers should be set in such a way that there are enough questions of such a nature as to allow the average pupil to secure a pass." As hierdie instruksie nie maar 'n jaarlikse roetinesaak was nie, maar net in 1925 uitgereik is, wat veronderstel kan word omdat dit hierdie keer spesifiek aangehaal is, dan hou dit 'n stilswyende erkenning in dat hierdie prosedure nie voorheen oorweeg is nie. Miskien is dit die rede waarom die resultate vanaf 1925 meer bevredigend en meer konstant was.

(ix) Erkenning deur Universiteite. Die Transvaalse M.S.S. is gedurende die jare 1922 tot 1927 deur feitlik alle vooraanstaande universiteite en liggame oorsee waarheen Transvaalse kandidate gaan, erken as gelykwaardig met matrikulasie. In 1922 is dit erken deur Oxford, Cambridge, die Gemeenskaplike Raad van die Noordelike Universiteite, die Gemeenskaplike Raad vir „The Scottish Universities Entrance Board" en die Universiteit van Dublin mits sekere vakke ingesluit is. Hierdie vakke is ingesluit. Dit was nog in oorweging by Londen, Bristol en die Universiteit van Wallis en ander eksaminerende liggame

1) Jaarverslag T.O.D. 1923, bl.42.
2) Kwartaalblad vir Mid. Skole, Sept. 1925, bl. 5.
3) Jaarverslag T.O.D. 1922, bl. 12.

deur die Mediese Raad en die Raad van Regskundige Onderwys.

In 1924 is die M.S.S. ook deur die Universiteit van Wallis erken[1] onder sekere voorwaardes, en in 1925 deur die Algemene Raad van Mediese Onderwys vir die Verenigde Koninkryk.[2] In 1927 is dit erken deur die Londense Universiteit[3] en deur die G.M.R. van die Universiteite van Manchester, Liverpool, Leeds, Sheffield en Birmingham.[4]

Navraag wat in 1926 by die Witwatersrandse Universiteit gedoen is, het aan die lig gebring[5] dat eerstejaars-studente wat die **T.M.S.S.E.** afgelê het, meer suksesvol in hul studies was as die wat matrikulasie afgelê het. Hoewel die direkteur geen gevolgtrekkings op een jaar se gegewens wou baseer nie, het hy tog gemeen dat die Transvaalse eksamen en die middelbare skoolkursus resultate gelewer het wat nie by die resultate van ander eksamens en kursusse agtergestaan het nie.

## 5. OPLEIDING VAN ONDERWYSERS.

### (a) Regulasies.

(i) Gekombineerde Kursus. 'n Skema is opgestel en was in 1919 reeds in werking[6] te Pretoria en Johannesburg, waarvolgens die studente van die Normaalkolleges die voordele van 'n gekombineerde universiteits- en suiwer professionele kursus geniet het. Vir die studente te Heidelberg was die reëling dat diegene wat dit gewens het, nà voltooiing van hul professionele kursus na Johannesburg of Pretoria kon gaan vir 'n jaar om daar 'n algemene universiteitsopleiding te ontvang. Te Pretoria en Johannesburg was die universiteitsjaar tussen stadiums van die professionele kursus ingeskuif.

Die skema het uit 'n tweejarige, 'n driejarige of 'n vierjarige kursus bestaan:[7] twee jaar vir O.3, drie jaar vir O.2, en vier jaar vir O.2 met 'n universiteitsgraad. Die minimumeis vir toelating tot 'n Normaalkollege moes dus matrikulasie

1) T.O.D. Omsendbrief no.5, dd. 30/6/24, b. 11.
2) Ibid. no. 8 van Maart 1925, bl.4.
3) Ibid. no. 30 van April 1927, bl. 13.
4) Ibid. no. 24 van Desember 1927, bl. 2.
5) Jaarverslag T.O.D. 1926, bl. 13.
6) Ibid. 1919, bl. 18.
7) Ibid. 1921, bl. 46-47.

wees, anders kon die studente nie by 'n universiteit ingeskryf word nie.

Gedurende die eerste jaar[1] moes die studente drie of vier universiteitsvakke neem saam met die universiteitstudente. Hierbenewens is ook sekere praktiese vakke soos mondelinge opleiding in die twee tale, houtwerk, naaldwerk, sang en teken geneem, sowel as demonstrasie-oefeninge bygewoon en praktiese onderrig gegee. Vir O.3 is die tweede jaar in beslag geneem deur professionele werk soos lesings oor teorie van onderwys, demonstrasie-oefeninge, ens. As O.2 geneem is, is verdere vakke aan die universiteit geneem, terwyl die prof [illegible] dieselfde voet voortgesit is as gedurende die eerste jaar. Die derde jaar is dan aan professionele studie gewy. Dit het dan O.2 voltooi. Diegene wat wou, kon 'n vierde jaar bly en hulle graad voltooi.

Hierdie skema kon, volgens die direkteur[2] en die hoofde van die Normaalkolleges,[3] nie anders as goeie vrugte afwerp nie, aangesien die universiteitsgees ongetwyfeld die gesigseinder van die studente moes verruim, afgesien van die meerdere kennis wat opgedoen is. Vir die uitvoering van die skema, sover dit Heidelberg betref het, was die Normaalkollege met die T.U.K. geaffilieer,[4] dog die studente is deur die personeel van die Normaalkollege vir hulle graadvakke opgelei en het dan as eksterne studente van die T.U.K. eksamen afgelê,[5] volgens 'n later reëling.

In 1921 het Potchefstroom en Ermelo se voorbereidende inrigtings die status van Normaalkolleges bereik. Eersgenoemde se studente sou hulle universiteitsopleiding aan die P.U.K. ontvang.[6] Ermelo sou voorlopig net vir O.3 oplei sonder graadvakke.

Dat die instelling van so 'n gekombineerde kursus 'n sukses was, blyk uit die feit dat dit in stand gehou is. Prof. J.C. Coetzee noem die instelling van hierdie kursus as een van

1) [illegible]
2) Ibid., bl. [illegible], en 1924 bl. 21.
3) Ibid. 1924, bl. 103 en 105.
4) Ibid. 1921, bl. 90.
5) Ibid., bl. 48.
6) Ibid., bl. 49-50.

die vernaamste faktore wat daartoe bygedra het om die onderwys in die Transvaal te vernuut.[1]

(ii) Toelating, ens. In 1922 is die vorige regulasies herroep en nuwes uitgevaardig.[2] Hiervolgens sou matrikulasie of 'n ekwiwalente sertifikaat nodig wees vir toelating tot O.3, en die O.3- kursus sou twee jaar duur, wat tot een jaar verminder kon word na vyfjarige bevredigende diens of as die student B.A.I besit het.

Vir toelating tot die professionele deel van O.2 moes deel 1 voltooi wees of 'n ekwiwalente eksamen of O.3 moes in die eerste afdeling afgelê gewees het of B.A. I moes voltooi wees.

Wat die kursusse en vakke en eksamens betref, was daar feitlik geen verskil van die vorige regulasies nie.

In 1924 is die sillabus vir verstandstoetse as vak vir O.2 gegee.[3] Dit sou in werking tree op 1 Januarie 1925. Op die opgang wat verstandstoetse in hierdie tyd gemaak het, is reeds vroeër in hierdie hoofstuk gewys.

In 1925 is bepaal[4] dat 'n kandidaat, vir vrystelling van deel 1 van O.2, 'n sertifikaat van die outoriteite van 'n universiteit moes voorlê ten effekte dat hy in minstens 6 vakke 'n universiteitseksamen met goeie gevolg afgelê het. Hierdie vakke moes vakke wees wat vir deel 1 voorgeskryf was en moes minstens 1 offisiële taal insluit. Volgens die regulasies van 1922 was B.A. I voldoende sonder voorbehoud aangaande die aantal of die soort vakke, sodat enige drie universiteitsvakke genoeg was. Hierdie nuwe regulasies was dus 'n verswaring, veral vir diensdoende onderwysers.

In onbelangrike opsigte is die bestaande regulasies weer in 1926[5] en in 1927[6] gewysig, maar in hoofsaak het dit onveranderd gebly. In 1927 is meegedeel dat die algemene kursus (deel I) vir O.2 na 1928 afgeskaf sou word.

---

1) Coetzee, J.C.: Die Moderne Opvoeding, bl 46.
2) Prov. Kt. no. 651 van 17/5/22, bl. 270 e.v. Adm.-kennisg. no. 170.
3) T.O.D. Omsendbrief no. 6 van 30/9/24, bl. 2 e.v.
4) Ibid. no. 10 van Aug. 1925, bl. 10.
5) Prov. Kt. no. 856 van 17/2/26, bl. 164, Adm.-kennisg. no.9
6) Ibid. van 30/11/27, bl. 827, Adm.-kennisg. no. 669.

Afgesien van bywoning van 'n Normaalkollege, kon diensdoende onderwysers ook die eksamens aflê en dan as onopgelei beskou word.

<u>(b) Gehalte van werk.</u> 'n Kort opsomming van die verslae van die eksaminatore in 1924 oor die eksamenwerk[1] in die twee tale kan as verteenwoordigend van hierdie periode beskou word.

In die derdeklas-eksamen was die Engels laer bevredigend. Die gemiddelde punte was byna 70%; tog was daar baie foute waarop die aandag deur die eksaminatore gevestig is. Engels hoër, waarvan natuurlik 'n hoër peil verwag is, was meer teleurstellend. Hollandse opstel was veel beter as die vorige jaar. Van die 160 kandidate het slegs ses hulle van Nederlands bedien.

In die tweedeklas-eksamen was die werk i.v.m. Afrikaanse en Nederlandse voorgeskrewe werke totaal onbevredigend, en dieselfde het gegeld vir Afrikaanse opstel en taal. In die eersgenoemde het 70 kandidate uit 'n totaal van 102 minder as $33\frac{1}{3}$% behaal, net 7 het 50% en hoër behaal, terwyl nie een 60% behaal het nie. In die laasgenoemde deel was die resultate nog swakker. Wel was daar 'n aantal verdienstelike opstelle, maar „soos gewoonlik" het die taal en styl veel te wense oorgelaat. Verreweg die grootste aantal het 'n onrusbarende onkunde t.o.v. grammatika en taalkunde openbaar, „onrusbarend veral omdat ons hier met onderwysers te doen het." Ook die gehalte van die Engelse werk was swak. 37% het gedruip. As voorbeelde is aangehaal:[2] „This did not only helped the natives, but also learned them." „We have the worse roads than ever a country can have," ens. ens., en dan is beweer dat dit nie alleenstaande gevalle was nie, maar dat die meeste papiere van soortgelyke foute gewemel het, en die kandidate was vermoedelik onderwysers wie se werk dit ook was om onderrig in Engels te gee;

> „bowendien, uit die feit dat hulle probeer om hulle kwalifikasies te verbeter deur vir die onderwysertweedeklas-sertifikaateksamen op te gaan, sou dit nie onbillik wees om af te lei nie dat hulle die meer intelligente en ambi-

1) Jaarverslag T.O.D. 1924, bl. 115-123, en 123-132.
2) Ibid., bl. 124.

sieuse deel van die onderwysers verteenwoordig."

Dit was werklik harde kritiek en te hope oordrewe; anders was die toekoms van die leerlinge in swak hande.

In 1926 is daar 'n merkbare verbetering in die gehalte van die Afrikaanse (laer) werk gekonstateer.[1] Daar was maar 'n betreklik geringe aantal kandidate wat nie by magte was om die taal suiwer te skryf nie. Dit was 'n baie aangename verrassing vir die eksaminatore. „Wat egter opmerlik was, was die duidelike skeidslyn tussen die werk van die tweede- en die van die derdeklas kandidate. Eersgenoemdes behoort duidelik tot 'n vroeër periode." Engels laer was nog onbevredigend. In 1927 was Afrikaans en Engels nog maar alles behalwe bevredigend, volgens die eksaminatore.[2]

<u>(c) Vooruitgang.</u> In 1919 het die direkteur gemeld[3] dat die drie preliminêre inrigtings (een is intussen ook te Johannesburg opgerig) nog steeds baie kandidate getrek het. Ermelo en Potchefstroom was egter nog nie sover dat hulle kandidate vir die eerste opleidingsjaar gelewer het nie. In 1922 het die eerste onderwysers hulle opleiding by genoemde twee inrigtings, wat intussen tot Normaalkolleges ontwikkel het, voltooi.[4] Ermelo het toe 50 onderwysers gelewer.

In 1919 is van die toe-bestaande drie kolleges gesê[5] dat hulle taamlik stasionêr gebly het. In 1921 sowel as in 1922 het die aantal studente gestyg, en die direkteur het die toename veral toegeskryf aan die aantreklikheid van die nuwe gekombineerde kursus. Hierdie skema het dan ook daartoe aanleiding gegee dat rekrute van 'n baie beter kwaliteit tot die professie aangetrek is. Vanaf 1922 was daar 'n ongekende toename in die aantal studente. In 1923 was die aantal 591 en in 1926 reeds 815.

As die bogenoemde vordering van die Normaalkolleges in aanmerking geneem word en gelet word op die aantal studente

1) Jaarverslag T.O.D. 1926, bl. 69.
2) Ibid. 1927, bl. 172-173.
3) Ibid 1919, bl. 18.
4) Ibid. 1922, bl. 49 en 56.
5) Die syfers ens. in hierdie paragraaf is aan die verskillende jaarverslae ontleen.

wat jaarliks die kolleges verlaat het, is dit geen wonder dat die persentasie gekwalifiseerde onderwysers vanaf 69 in 1919 toegeneem het tot 90 in 1927 nie (Tabel XIV, bl. 200), en dit terwyl die aantal onderwysers met meer as 1000 vermeerder het.

## 6. NATURELLE - ONDERWYS.

(a) Algemene Vooruitgang. Die gestadige vooruitgang in die aantal naturelle-leerlinge en -onderwysers wat die kenmerk van die vorige tydperk was, het ook gedurende hierdie jare voortgeduur. Die vordering blyk duidelik uit onderstaande tabel.

Tabel XVIII. Vooruitgang van Naturelle-onderwys in die Transvaal 1919 tot 1927.[1]

| Jaar. | Aantal Ondersteunde Skole. | Aantal Leerlinge. | Opleidingsinrigtings. | Aantal Studente | Aantal Onderwysers | Aantal Gesertifiseerde Onderwysers | Aantal Blanke Onderwysers. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1919 | 389 | 26,913 | 3 | 277 | 759 | 107 | 45 |
| 1920 | 408 | 28,921 | 3 | 283 | 891 | 358 | 76 |
| 1921 | 384 | 28,760 | 3 | 282 | 871 | 323 | 87 |
| 1922 | 393 | 31,824 | 3 | 277 | 951 | 346 | 88 |
| 1923 | 393 | 35,359 | 3 | 284 | 938 | 378 | 61 |
| 1924 | 358 | 36,833 | 3 | 299 | 897 | 405 | 49 |
| 1925 | 351 | 39,420 | 3 | 257 | 898 | 405 | 49 |
| 1926 | 393 | 43,744 | 3 | 256 | 951 | 401[2] | 27 |
| 1927 | 407 | 47,632 | 3 | 244 | 1013 | 482 | 32 |

Die aantal leerlinge en onderwysers het gestadig toegeneem, terwyl die aantal gesertifiseerde onderwysers met 350% toegeneem het in die tydsverloop van 8 jaar. Die syfers toon 'n ontwaking en 'n stygende begeerte vir onderwys by die naturelle aan, aangesien hulle onder geen verpligting gestaan het om skol te besoek nie.

Vanaf 1923 het die Unieregering tot die koste van naturell onderwys bygedra,[3] en vanaf 1926 sou hy al die koste i.v.m.

2) Die aantal word as 401 aangegee, maar volgens tabel in jaarverslag 1926, bl. 48 was die aantal 446.
3) Jaarverslag T.O.D. 1923, bl. 57.

naturelle-onderwys dra,[1] maar daar die masjinerie nog nie in orde was nie, was die finansiële toestand in 1926 en 1927 nog uiters verwarrend,[2] en moes die provinsie nog fondse beskikbaar stel. Die beheer oor naturelle-onderwys sou egter in die hande van die provinsies bly, sodat daar 'n dubbele beheer was.

In 1924 is 'n Adviserende Raad vir Naturelle-onderwys ingestel[3] „om by die Administrateur aanbevelings te doen met betrekking tot enige saak betreffende die onderwys van naturelle." Op die Raad sou die Transvaalse Departement van Onderwys, die Departement van Naturellesake, die sendinggenootskappe en die Transvaalse Vereniging van Naturelle-onderwysers verteenwoordig wees. Sodoende sou die departement volledig op hoogte gehou word met die opinies van die persone wat regstreeks in aanraking met die naturelle-onderwys was.

(b) Inspekteurs en Inspeksie. Die oorwegings wat in die vorige hoofstuk aangehaal is, ten gunste van die aanstelling van spesiale inspekteurs vir naturelleskole, was deurslaggewend by die Onderwyskommissie van 1917, en in sy verslag[4] is hierdie stap dan ook aanbeveel. Uitvoering hieraan is gegee toe drie sulke inspekteurs in 1919 aangestel is in die persone van R.W. Swarbreck, J.C. Johns en N.D. Achterberg.[5] In 1920 het hulle alle naturelleskole oorgeneem en so die werk van die distriksinspekteurs verlig. Vanaf 1920 het daar afsonderlike inspeksieverslae oor naturelle-onderwys verskyn, wat 'n baie beter beeld van die toestande weerspieël het as die vorige verslae waar naturelle-onderwys meestal maar terloops aangehaal is. Swarbreck se bevinding was by oorname as volg:[6]

> „Die inspeksie van naturelleskole was so ten agter geraak dat dit nie moontlik gevind is om van die begin af metodies met besoeke te begin nie. Die registrasie van skole was vertraag omdat die vorige inspekteurs nie in staat was om die skole te besoek nie. .......... Sommige skole in die kring was nie vir twee, drie of selfs vier jaar geïnspekteer nie."

Dink aan die toestande wat in sulke skole moes geheers het

1) Jaarverslag T.O.D. 1926, bl. 30.
2) Ibid., bl. 31 en 1927, bl. 22 en 23.
3) Ibid., 1924, bl. 25.
4) Verslag van Tvlse. Onderwyskomm. T.P. 1/1920.
5) Jaarverslag T.O.D. 1919, bl. 38.
6) Ibid. 1920, bl. 200.

waar onderwysers onbevoegd was en omstandighede uiters ongunstig en dan nog geen toesig van departements-weë nie. Johns se mening was dan ook[1] dat skole meer as een keer per jaar besoek moes word, selfs al was die onderwysers gesertifiseerd.

Indiwiduele inspeksie is in 1923 nog gereeld toegepas,[2] en dit is nie bevreemdend nie as in aanmerking geneem word dat dit nog die prosedure in baie blanke skole was, en dat dit nog baie meer noodsaaklik was waar die onderwysers soveel minder bevoegd was; d.w.s. as dieselfde oorwegings by naturelleskole moes gegeld het as by blankes. Die gevolg van die hoofdelike ondersoek tesame met die toenemende aantal leerlinge was dat dit moeilik geword het om al die skole een keer per jaar te besoek.

In 1927 het Achterberg dit nog betreur

> „dat die verderflike stelsel van indiwiduele inspeksie en bevordering van leerlinge nog nie in naturelleskole kan afgeskaf word nie, sodat die inspekteur meer geleentheid kan hê om deur woord en daad die onderwys in die skole te verbeter."[3]

In Januarie 1926 is 'n naturelle-opsiener aangestel[4] om Swarbreck behulpsaam te wees met die inspeksie van skole. Die ander twee inspekteurs het geen melding van sodanige aanstellings in hulle kringe gemaak nie, sodat dit aangeneem kan word dat dit in die een geval gedaan is bywyse van proefneming. Van inspeksiemetodes is niks verder vermeld nie.

<u>(c) Geboue en Uitrusting.</u> Uit die inspeksieverslae blyk dit dat die skoolgeboue oor die algemeen uiters ondoeltreffend was selfs waar hulle nie in te 'n slegte toestand was nie. Dikwels is kerkgeboue vir skooldoeleindes gebruik, en dan was die beligting en ventilasie swak, en die gebou het net uit een vertrek bestaan waarin meer as een onderwyser met sy klas besig moes wees. Afgesien van hierdie gebreke was die skole in lokasies [illegible]lik goed maar te volgeprop. Buite die lokasies was die geboue minder goed as gevolg van die onsekerheid van 'n skool se bestaan. „Dit spreek vanself," sê Achterberg,[5]

---
1) Jaarverslag [illegible]
2) Ibid. 1923, bl. 180.
3) Ibid. 1927, bl. 166.
4) Ibid., bl. 161.
5) Ibid. 1920, bl. 193.

„dat wanneer die okkupasie van die grond aan die willekeur van die boer afhang, geen permanente skole sal gebou word nie."

Die vensterluike was gewoonlik van plank wat, as hulle gesluit was by ongunstige weerstoestande, alle lig uitgesluit het. Die naturelle het die vensters maar meestal dig gehou.[1] Gewoonlik was die geboue in 'n swak toestand van reparasie.[2]

Die meeste skole het al die kinders in een groot klaskamer gehad. „St. Cyprian's-(Anglikaanse Kerk) School, Johannesburg, is die mees berugte voorbeeld van sulke skole. Hier vind ons byna 300 kinders met 'n sestal onderwysers in een groot, sleg verligte en slegter geventileerde kamer."[3]

Die oprigting van geboue moes deur die Sendinggenootskappe en die naturelle self onderneem word. Dikwels was die sendelinge nie in staat nie, en die naturelle nie gewillig nie, om die geld hiervoor te verskaf.[4] Achterberg het gevind dat daar 'n toenemende neiging onder die naturelle-bevolking was om van die regering die oprigting van goewermentskole te verwag waar alles gratis sou wees.

Ook die uitrusting van die skole was onvoldoende en ondoeltreffend. Die provinsiale owerheid het 'n subsidie van 2/6 per leerling betaal vir materiaal, wat egter ook in 1922 gestaak is.[5] Die meubels was dikwels hoogs primitief, en op sommige skole moes die kinders op die vloer sit of op die grond kniel om op bankies te skryf.[6] In 1925 het Achterberg gemeld[7] dat met uitsondering van 'n sestal skole in sy kring, die meubilering nog steeds onbevredigend was. Party skole het gewone houtbanke gehad, almal van dieselfde hoogte; andere het boomstamme gehad wat ru vierkantig gemaak en van pote voorsien was. In 1927 het hy verwytend geskryf:[8]

„Terwyl in die afgelope jare in byna elke individuele skoolrapport melding gemaak is van die onbevredigende toestand

1) Jaarverslag [illegible] 1920, bl. 197 en 200; 1925, bl. 165; 1927, bl.
2) Ibid. [illegible] 162.
3) Ibid. 1921, bl. 158.
4) Ibid. 1922, bl. 109.
5) Ibid., bl. 112.
6) Ibid. 1920, bl. 193 en 200.
7) Ibid. 1925, bl. 165.
8) Ibid. 1927, bl. 165.

van die skoolmeubels, beide wat kwantiteit en kwaliteit betref, het die melding egter nie die gevolg gehad wat dit kon en moes gehad het nie."

Meubels moes ook deur die sendinggenootskappe en die naturelle self verskaf word.

(d) Die Werk in die Skole.

(i) Boekgeleerdheid. Die naturel is geneig om boekgeleerdheid, soos in blanke skole verskaf, te hoog te skat, w[illegible] daarin, meen hy, is die rede vir die witman se meerderwaardigheid te vind. Dit het Achterberg reeds in 1921 aangetref.[1] Handearbeid is verag en as vernederend beskou. Ook Johns het gevind[2] dat die onderwysers handearbeid in hierdie lig beskou het, en hulle slegs daaraan gewaag het om die blanke inspekteur te bevredig.

In verband met die skoolvakke word dieselfde refrein so gereeld as klokslag in die inspeksieverslae verneem vanaf 1920 tot 1927: die werk was te werktuiglik en uiters swak.[3] In aardrykskunde het die hoofvoorraad van die gemiddelde onderwyser gewoonlik uit lang lyste name van dorpe, berge, riviere, baaie, ens. bestaan, terwyl intelligente kaartlees bv. heeltemal ontbreek het.[4]

Van sang as vak is dikwels in die verslae melding gemaak, en die resultate was gewoonlik goed. Onderwysers sowel as leerlinge het van die vak gehou.

In 1922 het Achterberg gevind[5] dat, in skole waar 'n onderwyser nie vir meer as twee klasse verantwoordelik was nie, daar 'n bepaalde verbetering te bespeur was in alle vakke van die leerplan. Beter metodes het langsaam maar seker ingang gevind.

Die tekort aan personeel het egter stremmend gewerk. In 1927 is melding gemaak van een onderwyser wat 127 leerlinge in sy klas gehad het. In ander gevalle was daar in een skool 3 onderwysers met 304 leerlinge; een met 116, en 2 met 222 leerlinge onderskeidelik.[6]

1) [illegible]erslag T.O.D. 1921, bl. 159.
2) Ibid. 1927, bl. [illegible]
3) Ibid. 1920, bl. 201, en 1927, bl. 168, ens.
4) Ibid. 1927, bl. 169.
5) Ibid. 1922, bl. 110.
6) Ibid. 1927, bl. 167 en 169.

Daar is gekla dat onderwysers meestal geen ambisie gehad het om vooruit te gaan of om hulle werk deeglik te doen nie. Byna niemand het werk vir die volgende dag voorberei nie.[1] Werkskemas, verslae, roosters, toelatings- en dagregisters en verslae van skoolbehoeftes het gewoonlik geheel en al ontbreek, of [illegible] in so 'n toestand dat dit niks beteken het nie.[2]

Onderwysers het gewoonlik verswak nadat hulle die opleidingsinrigtings verlaat het en vakansiekursusse waarvan die bywoning verpligtend gemaak moes word, is aanbeveel.[3]

(ii) <u>Handewerk</u> het 'n integrale deel van die leerplan uitgemaak. Tog is daar, om redes hierbo genoem, aanvanklik min aan gedoen. In 1920 het Achterberg gerapporteer[4] dat dit 'n dooie letter was, en in 1923 het hy nogeens dieselfde uitdrukking gebesig.[5] In enkele skole is daar wel pogings aangewend om bome te plant en tuin te maak, maar gewoonlik was die werk onbevredigend. Niksbeduidende verontskuldigings vir die versuim is aangevoer.

Telkens is die mening geuit dat 'n begin aan die opleidingsinrigtings gemaak moes word, en in 1921 het Johns kon meld[6] dat houtwerk en landbou in aldrie inrigtings onderwys is. Te Lemana is ook baie aandag aan die maak van mandjies en vloermatte bestee.

Geleidelik het die opvatting t.o.v. handwerk 'n kentering ondergaan sodat Johns in 1927 kon verklaar[7] dat die onderwysers 'n intelligente besef gehad het van die waarde van handewerk as skoolvak. By elke skool in sy kring is die een of ander praktiese werk onderneem – in sommige skole selfs tot soveel as vyf takke van handewerk. Die soorte werk het ingesluit die maak van matte, mandjies, papstokke, houtlepels, stene, stoele, besems, wandelstokke, tuinbou, bome plant, naaldwerk.

Vanaf die begin is naaldwerk in die meeste skole gegee.

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1920, bl. 194; en 1925, bl. 166.
2) Ibid., bl. 192, en elke jaar tot 1927, bl. 166.
3) Ibid., bl. 194.
4) Ibid., bl. 194. Kyk ook 1922, bl. 110 en 114.
5) Ibid. 1923, bl. 180.
6) Ibid. 1921, bl. 163; en 1927, bl. 171.
7) Ibid. 1927, bl. 169-171.

Waar dit deur blanke dames van die sendingstasie gegee is, was die resultate goed.[1]

## 7. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS.

(a) Samevatting. Die tydperk 1919 tot 1927 was in verskeie opsigte 'n tydperk van groot veranderings vir die Transvaalse onderwys.

'n Groot verwisseling van inspekteurs het plaasgevind sodat daar aan die einde van die periode geen enkele van die ou baanbrekers meer in die tuig was nie. Ook die direkteur, Adamson, het in 1924 afgetree.

Gedurende die tydperk is die aantal distriks-inspekteurs vermeerder van 17 tot 20. Met die uitbreiding van die aantal leerlinge sou hulle werk te veeleisend geword het, maar in 1920 is drie inspekteurs vir naturelleskole aangestel wat aansienlike verligting meegebring het.

'n Ander faktor wat groot verligting veroorsaak het, en wat hier van die allergrootste belang is, was die verandering in die metode van inspeksie. In 1919 was hoofdelike eksaminering van elke leerling nog die werk van die inspekteur. Geleidelik het hierin verandering gekom totdat, in 1927, dit iets van die verlede was, en gelyktydige oorplasing geskied het op grond van eksamens wat deur 'n eksamenkommissie, bestaande uit onderwysers in elke kring, onder voorsitterskap van die inspekteur, afgeneem is. Dit het die inspekteur tot groot mate vrygestel vir wat sy eintlike funksie behoort te wees - die van besielende raadgewer en simpatieke vriend van sy onderwysers.

Die laerskoolsertifikaateksamen is ook heelwat vereenvoudig deur die weglating van geskiedenis en aardrykskunde as eksamenvakke. Vir die orige het die eksamen ekstern gebly, maar vanaf 1926 is die antwoorde deur elke distriksinspekteur self, met behulp van onderwysers, nagesien. Aanhoudende agitasie om die eksamen af te skaf, het geen vrugte afgewerp nie. Die persentasie suksesvolle kandidate het nog steeds geskommel van jaar tot jaar, sodat die eksamenresultate nie as baie

1) Jaarverslag T.O.D. 1920, bl. 202; 1921, bl. 164; 1927, bl. 16

betroubaar aangeneem kon word nie.

In die groot stede en dorpe, waar oorplasing na die hoër-skool reeds nà st. V plaasgevind het, is in 1923 'n hoërskool-toelatingseksamen ingestel. Hierdie eksamen is in 1926 ook na plattelandse gebiede uitgebrei, omdat oorplasing daar toe nà st. V of nà st. VI kon geskied.

Vanaf ongeveer 1920 is die toepassing van groep-verstands-toetse in Suid Afrika sterk bepleit, maar eers in 1924 en 1925 is daar iets tasbaars verrig toe J.C. Coetzee en R.F.A. Hoernlé taamlik uitgebreide proewe onderneem het. In 1925 is verstands-toetse ook as vak vir O.2 ingevoer.

Gedurende hierdie tydperk het Afrikaans sy volle burger in alle skole verkry, sowel wat taal as wat voertaal betref, en dit het die werk grootliks vergemaklik en die leerlinge in staat gestel om hul gedagte baie beter uit te druk. Die resul-tate in Afrikaans het spoedig die van Nederlands van vroeër jare ver oortref.

Die aantal laerskole en laerskoolleerlinge het vinnig toegeneem. Teenoor 1040 skole in 1919 was daar 1254 in 1927, en teenoor 99,387 leerlinge in 1919 was daar 118, 595 in 1927. Ook die aantal onderwysers het proporsioneel toegeneem, maar die verblydendste teken was die verbetering in hulle kwalifi-kasies. Waar daar in 1919 maar 69% gesertifiseerd was, was daar 90.1% gesertifiseerd in 1927.

Die inspekteurs het dikwels melding gemaak van die feit dat die onderwys te kunsmatig en te ver verwyderd van die werk-like lewe was. Baie aanbevelings is in hierdie verband gedoen, maar die vernaamste tasbare bydrae was die aanstelling van 'n inspekteur van landbou-onderwys, C.J. Blom, in 1924, om landbou-onderwys op 'n praktiese en stelselmatige wyse te organiseer. Blom moes ook ondersoek instel waar skole op die platteland ge-sentraliseer en intermediêre skole opgerig kon word.

Die aantal eenmanskole het die inspekteurs baie hoofbrekens besorg, veral daar die onderwyser dikwels onbevoegd en ongekwa-lifiseerd was. Sentralisasie sou hierin verbetering kon bring,

maar praktiese besware het dit gewoonlik onmoontlik gemaak om op groot skaal te sentraliseer.

In Januarie 1923 is daar 'n begin gemaak met 'n nuwe soort skool, die intermediêre, wat voorsiening gemaak het vir leerlinge wat langer op skool wou bly as st. VI, maar wat nie die volledige middelbare kursus kon of wou deurloop nie. Die skole het tot st. VIII gegaan. Aanvanklik was dit nie 'n sukses nie maar later het dit wel beter gegaan, hoewel baie leerlinge die skool verlaat het sodra hulle werk gekry het, en die klasse dus grootliks gewissel het. Die feit dat daar vandag nog net enkele van hierdie skole oorgebly het terwyl die meerderheid afgeskaf of deur junior hoërskole vervang is, toon dat hulle in die geheel nooit as 'n sukses beskou is nie.

Hoërskole het grootliks in aantal vermeerder. In 1918 was daar 20 hoërskole insluitende tegniese skole, en in 1921 reeds 44. Gedurende 1925 en 1926 is die industrie-, ambag- en huishoudskole aan die Unieregering oorgedra. Die aantal hoërskoolleerlinge het ooreenkomstig met die aantal skole toegeneem, nl. van 3,941 in 1918 tot 11,425 in 1927.

Afrikaans het ook in die hoërskole Nederlands geleidelik verdring, en hier net sulke goeie gevolge meegebring as in die laerskole.

Clarke wat sedert 1911 inspekteur van middelbare skole was, het in 1921 bedank en is deur T.G. Ligertwood en A.J. de Vos, voorheen distriksinspekteurs, opgevolg. Toe Ligertwood in 1925 bedank het, het de Vos alleen die pos waargeneem. Saam met die hoërskoolinspekteurs het die distriksinspekteur vanaf 1921 ook aan die inspeksie van die hoërskole in sy kring deelgeneem.

Wat hoërskole betref, was die belangrikste gebeurtenis die instelling van die Middelbare Skoolsertifikaateksamen in 1921 wat, onder moderatuur van die G.M.R. as gelykwaardig aan matrikulasie beskou sou word. Die eksamen is deur die T.O.D. self afgeneem, en was gedeeltelik intern in sover as die skoolrekord meegetel het. 'n Verdere verbetering was dat tale ook

mondeling geëksamineer is. Die Matrikulasieraad moes die vraestelle en die nagesiene antwoorde van die kandidate kontroleer, en kon lg. wysig om aan die standaard van matrikulasie gelyk te wees.

Vir die opleiding van onderwysers is daar in 1919 'n gekombineerde professionele en universiteitskursus ingestel wat baie goeie vrugte afgewerp het. Nie net is die kwaliteit van die onderwysers daardeur verhoog nie, maar die skema was so aantreklik dat baie meer studente vir die Normaalkolleges gevind is. Die toelatingseis moes verhoog word tot minstens die M.S.S. of 'n gelykstaande sertifikaat. Die gehalte van die werk wat in die eksamens gelewer is, was, volgens die eksamenverslae, uiters onbevredigend, veral daar dit van onderwysers afkomstig was.

Naturelle-onderwys het sy gestadige vooruitgang, wat die aantal leerlinge en onderwysers betref, van vorige jare gehandhaaf. Ongetwyfeld sou die groei baie groter gewees het as dit nie deur finansiële onsekerheid gestrem was nie. Die Unieregering het vanaf 1923 tot die koste van naturelle-onderwys bygedra en sou vanaf 1926 al die koste dra, maar, daar die masjinerie nog nie in werking was nie, en die provinsie ook nie geneë was om uitbreiding uit sy fondse te bewerkstellig nie, het 'n mate van stagnasie ingetree.

Drie inspekteurs wat hulle uitsluitlik met naturelle-onderwys sou besig hou, is in 1919 aangestel, t.w. R.W. Swarbreck J.C. Johns en N.D. Achterberg. Hoewel geboue en uitrusting nie veel verbeter het nie, het die werk in die skole 'n groot mate van verbetering getoon volgens die verslae van die inspekteurs. Meer is ook gedoen i.v.m. industriële werk in die skole. Die verbetering moet seker grotendeels toegeskryf word aan die ywer van die inspekteurs, maar ook gedeeltelik aan die beter gehalte van die opleiding wat die onderwysers geniet het, want die aantal gekwalifiseerde onderwysers het grootliks toegeneem gedurende die tydperk onder beskouing.

(b) Gevolgtrekkings. Die vernaamste verandering wat gedurende hierdie tydperk in die laerskole ingevoer is, was die prosedure van gelyktydige oorplasing. Hierdie idee van gelyktydige oorplasing deur onderwysers is reeds in 1903 deur die direkteur aan die hand gegee,[1] en Kerrich het daarna verwys in 1919 en 1920.[2] Nogtans het dit lank geduur om ingang in die praktyk te vind, minstens twintig tot dertig jaar later as in Engeland vanwaar die indiwiduele inspeksiemetode ingevoer is. Veel beter onderrig kon hierna in die laerskole verwag word, want dieselfde slegte gevolge wat die hoofdelike inspeksiestelsel in Engeland vergesel het, sou ook in die Transvaal nie uitgebly het nie. As gevolg van die Lowe-kode (1861) in Engeland het reeds gou die aantal suksesse in eksamens gedaal en „in the majority of schools, neither very good nor very bad, the instruction has <u>sensibly deteriorated.</u>"[3] (Ek onderstreep). Van die Engelse inspekteurs is gesê[4] dat hulle vir 15 jaar 'n stelsel moes deurvoer

> „which deprived them of their effective influence in the schools, which wasted their time in mechanical drudgery, and rendered their high talents and real enthusiasm for education of little avail."

En weer is gesê, en dit reeds in 1875, deur inspekteur Moncreiff:[5] „But still, there is no doubt, higher knowledge and intelligence have been largely sacrificed to accuracy in fundamentals." Hierdie aanhalings beklemtoon die skade wat aan die onderwys berokken is, en die verlies wat op opvoedkundige gebied gely is deur die late opheffing van die stelsel in die Transvaal. Hier het dieselfde gegeld as in Engeland:[6] „For thirty-three years the teachers had been treated as machines, and they were suddenly asked to behave as intelligent beings." Geen wonder dat baie onderwysers in Engeland net soos later ook in die Transvaal nie dadelik die stelsel wou prysgee nie, sodat die Board of Education in 1901 gewaarsku het[6] dat

---

1) Kyk bl. 45 supra.
2) Kyk bl. 184 en 185 supra.
3) Matthew Arnold, aangehaal in A.E.C. & N.U.T.: Examinations in Public Elementary Schools, bl. 7.
4) A.E.C. & N.U.T.: t.a.p., bl. 5.
5) Ibid., bl. 6.
6) Ibid., bl. 8.

die enigste skriftelike eksamen wat in 'n skool afgeneem mog word, deur die onderwysers afgeneem moes word. Hoewel so erg vertraagd in die Transvaal, was dit nog erger in ander provinsies van die Unie.[1] en dit is 'n oorsaak van blydskap dat daar wel inspekteurs te vinde was wat die voortou geneem, en die sukses van gelyktydige oorplasing bewys het. Dit was nou nog nodig om 'n stap verder te gaan en die oorplasing geheel en al in die hande van die onderwysers te stel. Dit het gedurende die volgende dekade gebeur.

Die belangrikste verandering op die gebied van die middelbare onderwys was die instelling van die M.S.S.E. Op die groot voordele wat hierdie instelling vergesel het, is reeds gewys, asook op die besware, veral die oorheersing van die Matrikulasieraad. Hierin kon geen verandering kom nie solank as die G.M.R. in die wetlike posisie was om sy gesag te laat geld en hy ongeneë was om toe te gee aan die eise van die middelbare skole. Die Transvaalse direkteur was ook nie geneë om in opstand teen die G.M.R. te kom nie. In die woorde van die redakteur van die Kwartaalblad[2] het hy voor die G.M.R. gekruip terwyl die Kaapse S.G.O. die kant van die opvoedkundiges gekies het en die G.M.R. daarvan beskuldig het dat hy met die matrikulasie-eksamens aangehou het om die eksamengelde te in. Met lg. aantyging kan 'n denkende persoon hom moeilik vereenselwig, maar dit word tog gevoel dat die oorheersing van matrikulasie vir doeleindes anders as die toelating tot die universiteit die goeie wat die M.S.S.E. kon bereik het, grotendeels verongeluk het.

Die afskaffing van sekere vakke as eksamenvakke vir die laerskoolsertifikaateksamen, hoewel geen groot verandering nie, was 'n stap in die regte rigting. Die skoolwerk van die leerling gedurende die jaar sou die deurslag kan gee by die inspek-

1) De Unie, 1 Feb. 1929, bl. 185: In 'n Referaat voor die 24e kongres van die S.A.O.U. het B.Taute beweer dat daar nog in die K.P. inspekteurs was wat indiwiduele inspeksie toegepas het. De Unie, 1 Sept. 1932, bl. 87-98: Volgens hierdie verslag van die Subkomitee van die S.A.O.U.-kongres was indiwiduele inspeksie in 1932 nog die reël in ten minste die primêre skole op die plase, en ook in dorpskole is dit nie onselde toegepas nie. Dit is 'n verslag oor „Skoolinspeksie en -Eksamens in die Unie van S.A."

siebesoek. Geleidelik is meer en meer waarde aan die aanbevelings van die onderwysers geheg totdat die departement daartoe oorgegaan het om na nog ongeveer 13 of 14 jaar die eksamen heeltemal af te skaf. Deur die verwydering van geskiedenis en aardryksunde van die lys van eksamenvakke het die noodsaaklikheid vir eksamendril er verdwyn en kon meer tyd en aandag aan die kulturele aspekte van hierdie vakke bestee word. Waar die vrees voorheen by die onderwyser opgekom het as hy 'n bietjie van die leerplan afgedwaal het, dat hy die leerlinge se tyd verkwis het „want hierdie puntjie sal tog nie gevra word nie," kon hy nou sonder aarseling op die dieper waarhede van sake ingaan, en hulle verband met die lewe aantoon binne die bevatlikheid van die leerlinge. Hy kon hom daarop toelê om by sy leerlinge beskaafdheid, verfyndheid en 'n sin vir die skone aan te kweek.

Naturelle-onderwys het, met al die uitbreiding waarop die aandag in hierdie hoofstuk gevestig is, nog maar baie klein afmetings aangeneem. Uit 'n totaal van meer as £3,000,000 wat deur die T.O.D. in 1927 aan onderwys bestee is, het naturelle-onderwys slegs £71,327 of 2.4% ontvang.[1] (Dit is opvallend dat dieselfde verhouding van 2.4% ook in 1913 in die Transvaal aan naturelle-onderwys bestee is.[2]) Die rede hiervoor was dat die provinsie geen direkte belastings van die naturelle geïn het nie. Die onkoste is vir die grootste gedeelte deur sendinggenootskappe gedra.